
JESUS SE STORIES

Riglyne vir daaglikse lewe

JOAS NATAN

Opgedra aan my vrou

*God gee vir ons die wonderlike belofte dat waar twee of meer in Sy Naam
bymekaar kom, Hy by hulle sal wees.*

*Dikwels moes my vrou die “twee of meer “ , gedeelte vervul om ons van Sy
teenwoordigheid te verseker.*

*So kon hierdie en vele ander geskrifte nooit tot stand gekom het sonder dat
haar teenwoordigheid ons met Sy Goddelike teenwoordigheid, hulp en leiding,
geseën het nie.*

*Behalwe vir die baie hulp, insigte, kritiek en ondersteuning van haar kant af,
sou hierdie en die ander geskrifte nie tot stand gekom het nie.*

Daarvoor kan ek net nederig kom dankie sê.

Joas Natan

Iets oor die skrywer

Die skrywer verkies om anoniem te bly en daarom word slegs 'n kort agtergrond van die skrywer te verskaf. Die rede vir die anonimiteit is geleë in die behoefte van die skrywer dat alle eer aan Jesus moet behoort. Hy het gevoel dat alles van hierdie boekie deur Jesus gegee is. Daarom dan ook die keuse om die skuilnaam Joas (die Here gee) Natan (die Here het gegee) te gebruik.

Om dieselfde rede word die boek as 'n gratis E-boek beskikbaar gestel aan enigeen wat deur die Heilige Gees gelei word om dit af te laai. Die skrywer is 'n afgetrede Sielkundige. Hy verkies om geïdentifiseer te word, nie as Sielkundige nie, maar as iemand wat sy lewe lank weerstand gebied het teen die sekulêre, humanistiese en dikwels demoniese uitsprake wat die Sielkunde ten grondslag lê, die Sielkunde rig, en mense grootliks mislei. Hy sou graag bekend wou wees as iemand wat teen hierdie benaderings weerstand gebied het.

Inhoudsopgawe:

Inleiding	6
Agtergrond van die gelykenisse	9
Raamwerk vir die bestudering van die gelykenisse	10
Uitgangspunte van die Evangelies	11
Bespreking van die gelykenisse	13
1. Die Saaier saai orals	13
2. Die onkruid tussen koring	22
3. Mostertsaadjie en suurdeeg	28
4. Die skat in die saailand	33
5. Die handelaar wat 'n kosbare pêrel soek	36
6. Die treknet	39
7. Die uitdeel van muntstukke	42
8. Om te vergewe	47
9. Twee seuns	51
10. Slegte boere huur 'n wingerd	53
11. 'n Bruilof met onwillige gaste	56
12. Die tien meisies	60
13. Die verlore skaap	64
14. Die arbeiders word dieselfde betaal	66
15. 'n Huis op rots gebou	70
16. 'n Nuwe lap op ou klere	73
17. Nuwe materiaal en 'n ou lap	73

18. Saad groei vanself	76
19. Barmhartige Samaritaan	79
20. Die wakker en betroubare slaaf	82
21. Bruilofsgaste wat sommer voor sit	84
22. Die verlore seun	86
23. Die oneerlike bestuurder	91
24. Slawe het pligte	95
25. Die weduwee en die regter	97
26. Die Fariseër en die Tollenaar	99
27. Twee wat geld skuld	102
28. Die ryk dwaas wat lief vir geld was	105
29. Die verlore muntstuk	107
30. Die ryk man en die arm Lazarus	109
31. 'n Mens maak nie sommer oorlog nie	112
32. Dink voor jy bou	112
33. 'n Vriend vra hulp	115
34. Die getroue bestuurder	117
35. Die vyeboom wat begin bot	119
36. Skape en bokke word geskei	121
37. Die vyeboom dra nie	123
38. Suurdeeg	126
39. Laaste gelykenis: Die volledige verhaal	128
40. Afsluiting	133
Bronnelys en ISBN	134

Inleiding

In die Ou Testament kom daar nie werklik gelykenisse voor nie. Dit wat soos 'n storie lees, is gewoonlik historiese feite. Dit sou daarom verkeerd wees om te praat van stories wanneer dit eintlik Geskiedenis is wat opgeteken is.

In die Nuwe Testament kom daar wel stories voor. Jesus was lief om vir Sy toehoorders stories te vertel. Sy stories was egter anders as net verbeeldingsvlugte. Die stories wat Hy vertel het, het almal 'n dieper betekenis gehad. Dit wat in die storie gebruik is, was gewoonlik simbole uit die daaglikse lewe, vir ander dinge. Daarom is die stories wat Jesus vertel het gelykenisse genoem.

Statistieke ten opsigte van die Gelykenisse in die Nuwe Testament

Volgens die *Die Bybel A-Z*, p. 622. (1), is daar 38 gelykenisse van Jesus vir ons opgeteken.

14 van hierdie gelykenisse het met mense en hulle gewoontes te make.

10 gelykenisse het landbou as tema gehad.

7 het geld as tema gehad.

7 het allerlei werk as tema gehad.

In die Boek *Matteus* is 21 gelykenisse opgeteken.

28 gelykenisse word in *Lukas* opgeteken.

Markus het vir ons 5 gelykenisse opgeteken.

In die Evangelie van Johannes is geen gelykenis opgeteken nie.

Sommige gelykenisse word in twee Evangelies opgeteken naamlik:

1. 'n Vriend wat help: Mat. en Lukas.
2. Bruilof met onwillige gaste: Mat. en Lukas.
3. Getroue bestuurder: Mat. en Lukas.
4. Die verlore skaap: Mat. en Lukas
5. Die goue muntstukke lewer opbrengs: Mat. en Lukas.
6. Die Huis op rots gebou: Mat. en Lukas
7. 'n Nuwe lap op ou klere: Matt. en Lukas.
8. Nuwe wyn: Mat. en Lukas
9. Suurdeeg: Mat. en Lukas.

Net 4 gelykenisse word in drie Evangelies opgeteken naamlik:

1. Die saaiers saai oral: Mat. Lukas en Markus .
2. Die klein mosterdsaad: Mat. Markus en Lukas.
3. Slegte boere huur 'n wingerd: Mat. Markus en Lukas.
4. Die vyeboom wat bot: Mat. Markus en Lukas

Gelykenisse wat in net een Evangelie opgeteken word, is die volgende:

1. Vergifnis vra vergifnis: Mat.
2. Twee seuns – gehoorsaam of nie: Mat.
3. Onkruid in die land: Mat.
4. Arbeiders word dieselfde betaal: Mat.
5. Skape en bokke word geskei: Mat.
6. 'n Skat word in die saailand gebêre: Mat.

7. Die waardevolle pêrel oortref alles. Matt.
8. 'n Vol visnet: Matt. Die barmhartige Samaritaan: Lukas.
9. Die wakker en betroubare slaaf: Lukas.
10. Bruilofsgaste wat sommer voor sit: Lukas.
11. Die verlore seun: Lukas.
12. Die oneerlike bestuurder: Lukas.
13. Slawe het pligte: Lukas.
14. Die weduwee en die regter: Lukas.
15. Die Fariseër en die Tollenaar: Lukas.
16. Die vyeboom dra niks nie: Lukas.
17. Twee wat geld skuld: Lukas.
18. Die ryk dwaas: Lukas.
19. Die verlore muntstuk: Lukas.
20. Die ryk man en Lazarus: Lukas.
21. 'n Mens maak nie sommer oorlog nie: Lukas.
22. Dink voor jy bou: Lukas.
23. Saad groei vanself: Markus.

Agtergrond van die gelykenisse (*Bybelse Ensiklopedie p. 238*)(2)

Gelykenisse word in die Nuwe Testament veral as leervorm deur Jesus gebruik. Hierdie leervorm is skynbaar deur Hom gebruik na die krisis in Joh. 6:66 toe baie van Sy volgelinge Hom verlaat het nadat Hy van Sy dood, van die eet van Sy vlees en die drink van Sy bloed gepraat het. Omdat die skare hierdie verkondiging nie as Evangelie wou aanvaar nie, het die Here Jesus daarna nie sonder gelykenisse met hulle gesprek nie; maar afsonderlik vir Sy dissipels alles uitgelê.

Gelykenisse soos deur Jesus gebruik dui op 'n verborge evangelieverkondiging;

dit bly evangelieverkondiging vir elkeen wat dit hoor, maar slegs diegene wat daarmee wil besig bly en na die oplossing vra, sal die evangelie daarin begryp. Gelykenisse is gebruik om die hoorders tot nadenke te prikkel, want in die oplossing van die (raaisel) spreuk is die volle evangelie te hore. 'n Gelykenis handel nie oor gelowiges of ongelowiges nie maar oor die evangelie aangaande Jesus Christus, en moet daarom vanuit Christus verklaar word.

Uit hierdie uiteensetting ten opsigte van gelykenisse kom dit voor of daar sekere uitgangspunte behoort te wees wanneer Jesus se gelykenisse bestudeer wil word naamlik:

- 1. Elke gelykenis is verborge evangelieverkondiging.***
- 2. In die gelykenis is daar 'n raaisel.***
- 3. Die ontknoping van die raaisel is slegs vir die persone wat bereid is om tyd aan die oplossing van die raaisel te bestee, daaroor te dink, en graag die oplossing van die raaisel wil hê.***
- 4. Die oplossing van die raaisel is net in Christus te vind, in die evangelie van Jesus Christus.***

Raamwerk vir die bestudering van die Bybelgelykenisse:

1. Die konteks van die gelykenis is belangrik. Dit is nodig om wat voor die gelykenis gebeur sowel as wat na die gelykenis gebeur in ag te neem wanneer die gelykenis bestudeer wil word.
2. Elke evangelie is vir 'n besondere groep mense geskryf en daarom moet dit ook in ag geneem word wanneer die gelykenis bestudeer word. So is Matteus byvoorbeeld veral vir die Jode geskryf.
3. Elke gelykenis gebruik simbole. Hierdie simbole behoort verklaar te word.
4. Jesus gee soms 'n uiteensetting van wat 'n gelykenis beteken. Dit sal die primêre betekenis van elke gelykenis wees.
5. Elke gelykenis en verklaring soos deur Jesus verstrek, sal weergegee word om dit vir die leser makliker leesbaar te maak.
6. Soos reeds gesê, sal alleen die persoon wat bereid is om te luister, na te dink oor die gelykenis en 'n begeerte het om dit te verstaan kan hoop op 'n diepte-insig in die gelykenis.
7. Die uiteindelijke doel van die gelykenis en bespreking daarvan sal wees om die Evangelie van Jesus Christus te onderstreep en die hoorder te help om die boodskap van die gelykenis te internaliseer sodat die gedagtes, woorde en optrede van die hoorder daardeur gerig sal word.
8. Aangesien Jesus hierdie besondere leervorm verkies het, mag die hoorder 'n besondere verwagting koester wanneer hy of sy met die gelykenisse van Jesus omgaan.
9. Daar sal met die gelykenis van die Saaier begin word aangesien dit een van die 4 gelykenisse is wat in drie van die Evangelies opgeteken, deur Jesus breedvoerig verklaar word en bykans woordeliks deur die skrywers herhaal word. Die konteks van die gelykenis sal ander gelykenisse intrek.

Uitgangspunte van die drie Evangelies wat met gelykenisse handel: (die Bybel

in Praktyk)(3)-Mat. p. 1369, Markus p.1446, Lukas p.1502.

Die evangeliste skryf oor Jesus. Hulle skryf as gelowiges wat ander mense wil oortuig dat Jesus van Nasaret, die beloofde Messias is. Dit is Hy wat deur God, nou in Jesus van Nasaret, gestalte gegee is.

Die kern van Jesus se prediking was die koninkryk van die hemel. Hy het egter ook Sy dissipels voorberei dat Hy sou sterf en uit die dood sou opstaan.

Matteus:

Die doel van die evangelie is om te bewys dat Jesus die Messias, die ewige Koning is. Die Messias is die Een op Wie die Jode gewag het.

Die evangelie word hoofsaaklik vir die Jode geskryf.

Die evangelie verbind die Ou en Nuwe Testament omdat dit soveel klem lê op die vervulling van die profesieë.

Matteus plaas klem in die gelykenisse wat hy opteken op die verskil wat Jesus getrek het tussen Sy koninkryk en die koninkryke van die aarde. Jesus het vir ons kom wys hoe ons moet leef om aan Sy koninkryk getrou te wees.

Markus:

Markus se doel met hierdie evangelie was om Jesus te proklameer as die Seun van God.

Markus was nie een van Jesus se dissipels nie. Hy het egter die ander dissipels goed geken omdat hulle dikwels in sy ma se huis bymekaar gekom het.

Markus rig sy evangelie veral op die Christene wat in Rome gebly het. In 'n sekere sin is dit dan vir bekeerde nie-Jode bedoel of te wel heidene wat tot bekering gekom het.

Markusevangelie is die kortste van al die Evangelies. Dit is vermoedelik tussen 55 en 65 nC, geskryf en was dus moontlik die eerste boekstelling van die evangelies. Al die verse wat in Markus voorkom met die uitsondering van 31, word in geheel of gedeeltelik deur die ander evangelies gebruik.

Jesus word sterk as Dienaar beklemtoon en klem word op aksie geplaas. Jesus is by uitstek die Een wat dien, opoffer en red.

Lukas:

Lukas beeld God se heilsplan, soos geopenbaar in Jesus, uit. Hy was ook nie een van Jesus se dissipels nie.

Lukas was vermoedelik 'n mediese dokter, 'n Christen uit die heidene. Die evangelie is die mees omvattende van al die evangelies. Groot dele van hierdie evangelie kom nie in ander evangelies voor nie. Hy gee 'n besondere plek aan die vrou, kinders en ander sosiaal veragtes.

In Lukas se weergawe van die evangelie kan gesien word hoe God 'n Verlosser vir die gewone mensdom gestuur het, God se wil aan ons bekend gemaak het en uiteindelik oor die dood geseëvier het.

Bespreking van die Gelykenisse van Jesus

1. Eerste gelykenis: Die Saaier saai orals (Mat. 13: 3 tot 9)

'n Saaier het eendag gaan saai. Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik. 'n Ander deel daarvan het op klipbanke geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het gou opgekom omdat die grond nie diep was nie. Maar toe die son warm word, is dit verskroei en omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. 'n Ander deel het tussen die onkruid geval en die onkruid het opgekom en dit laat verstik. Die ander saad het in goeie grond geval en 'n oes gelewer, party honderdvoudig, ander sestigvoudig en 'n ander dertigvoudig.

Wie ore het, moet luister.

Jesus verklaar die gelykenis

Luister julle dan na wat die gelykenis van die saaiër beteken: Die Bese kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is. Die man by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydschap aanneem. Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolgd word, word hy gou afvallig. Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug. Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes; soms honderdvoudig, soms sestigvoudig en soms dertigvoudig.

Die gelykenis word byna woordeliks deur Markus en Lukas herhaal. Daar is egter klein maar belangrike verskille, soos die volgende:

In die Markusevangelie word die volgende bygevoeg:

*Die onkruid het opgekom en dit laat verstik, **en dit het nie saad geskiet nie** (Markus 4:7)*

*Die ander saad het in goeie grond geval (**en dit het opgekom, gegroei**) en 'n oes gelewer(Markus 4:8).*

*Dit is hulle wat die woord hoor, maar die sorg van die lewe en die verleiding van rykdom **en die begeerte na allerhande dinge** -----.(Markus 4:19)*

Alhoewel Lukas basies dieselfde as Matteus en Markus ten opsigte van die gelykenis sê, is die verklaring van Jesus pragtig opgeteken. Die feitelike en presiese weergawe van die mediese dokter, Lukas, word hier herhaal:

*Die betekenis van die gelykenis is dit: Die **saad** is die **Woord van God**. Die wat op die **pad** val, dui op mense wat die woord **hoor**, maar dan kom die **duiwel** en **neem dit uit hulle harte weg** sodat hulle nie tot **geloof** kom en **gered** word nie. Die wat op die **klipbank** val, dui op hulle wat die woord met **blydschap aanneem** wanneer hulle dit **hoor**, maar dit **skiet nie wortel nie**. Hulle **geloof** hou net 'n kort tydjie. Die oomblik wat dit op die **proef gestel** word, gee hulle **moed op**. Die saad wat tussen die **onkruid** val, dui op die wat die woord **hoor**, maar deur die **sorge** en die **rykdom** en die **genieting** van die lewe, word dit gaandeweg **verstik**, en dit **skiet nie saad** nie. Die deel wat in **goeie grond** val, dui op die wat die woord met 'n **goeie en opregte hart hoor** en dit **bewaar** en deur **volharding vrug dra**.*

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Dit mag wees dat die Heilige Gees benewens Jesus se verklaring van die gelykenis ander insigte aan jou wil openbaar. Lees die gelykenis en Jesus se verklaring daaglik vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy Evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

Konteks van die gelykenis van die saaiër:

Voorafgaande aan die gelykenis help die konteks ons nie veel om die gelykenis beter te verstaan nie. In Hoofstuk 13 waarin die betrokke gelykenis opgeteken word, word vooraf verklaar dat Jesus so deur mense verdring is dat Hy vanuit 'n boot die skare onderrig het. Daar staan: *Hy het hulle baie dinge in gelykenisse geleer en sonder gelykenisse het Hy hulle niks geleer nie.*

Direk nadat Jesus die gelykenis vertel het, sê Hy: *Wie ore het, moet luister.* Jesus beskou dus hierdie gelykenis as baie belangrik. Hierna volg die deel in Mat. 13: 10 waarin die dissipels Jesus vra waarom Hy gelykenisse gebruik wanneer Hy met die mense praat. Hy antwoord hulle so:

Aan julle is dit gegee om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie. Wie het vir hom sal nog meer gegee word en hy sal oorvloed hê, maar wie nie het nie van hom sal ook die bietjie wat hy het weggevat word. (Mat 25: 14 tot 30- Gelykenis van die muntstukke) Om hierdie rede praat Ek met hulle in gelykenisse, omdat hulle kyk maar nie sien nie en hoor maar nie luister en verstaan nie. In hulle geval word die profesie van Jesaja vervul wat sê:

“ Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie, en kyk en kyk en niks sien nie. Hierdie volk se verstand is afgestomp; hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie.

Maar julle oë is bevoorreg dat hulle sien en julle ore dat hulle hoor. Dit verseker Ek julle: Baie profete en gelowiges wou graag sien wat julle sien, maar het dit nie gesien nie, en wou graag hoor wat julle hoor, maar het dit nie gehoor nie.”

Dan volg Jesus se verklaring van die gelykenis.

Direk hierna volg Jesus die vorige gelykenis op met die *gelykenis van die onkruid tussen die koring*(2). Dit sal die volgende gelykenis wees waarna ons gaan kyk omdat dit deel van die konteks van die eerste gelykenis is. Nog is Jesus nie klaar nie en vervolg met die *gelykenis van die mosterdsaadjie en die suurdeeg*.(3) Die gelykenis sal die derde een wees waarna ons gaan kyk. Dit word opgevolg met ‘n *verklaring van die gelykenis van die onkruid tussen die koring*. Jesus sluit die gedeelte van gelykenisse af met drie kort gelykenisse: *die van die skat in die saailand*, (4)*die handelaar wat soek na pêrels* (5) en die *treknet wat in die see gegooi word*. (6) Die verband tussen hierdie 5 gelykenisse en die eerste een sowel as die onderliggende verbintnisse tussen hierdie 6 gelykenisse sal in die konteksbehandeling bespreek word. Hierna sal die *gelykenis van die muntstukke* (7) behandel word omdat Jesus in hierdie gedeelte (Mat 13:10) na die besondere gelykenis verwys.

Die konteks van die eerste gelykenis sal dus in die bespreking van die daaropvolgende 6 gelykenisse verder uitgebou word.

‘n Wyer betekenisgewing van die gelykenis van die saaiër

Sommige saad het op die pad geval

‘n Pad het ‘n harde oppervlakte. Niks kan daarop groei nie. So is sommige mense se harte; hard en dood. ‘n Pad word dikwels met ou sout hard gemaak, soos die paaie in Namibië langs die kus op. Hierdie sout is uitskotsout, dit is nie eintlik veel werd nie. Jesus praat ook van sulke sout wanneer Hy sê dat ons die sout van die aarde is, *maar as die sout laf geword het deug dit vir niks meer nie en word dit buite gegooi om deur die mense vertrap te word* (Mat.5:13). Wanneer mense sout vertrap klink dit baie soos ‘n pad waarop mense loop. Dit wil voorkom dat Jesus vir ons sê dat wanneer ons nie meer behoudend soos sout optree en Sy woord beskerm deur ons optrede en woorde nie, wanneer ons nie meer smaak gee aan die lewe deurdat ons vir Hom opkom en vir Sy koninkryk uitstaan nie, ons soos sout is wat laf geword het en net daartoe dien om ‘n pad hard te maak. So word die mens se hart hard soos ‘n pad wanneer hy of sy nie meer vir Jesus uitstaan en vir Hom getuig nie. Sout dien nie net as preserveermiddel nie. Wanneer sout oor ‘n stuk grond gegooi word voordat die plaveisel gelê word sorg die sout dat die grond steriel en dood is sodat niks tussen die plaveisel sal kan groei nie. So is die harde soutpadhart van die mens wat nie God se saadwoord verstaan en aanvaar nie.

Voëltjies kom en pik die saad van hierdie harde pad af op aangesien die saad nie kan groei nie. In ‘n sekere opsig is die saad wat deur die voëltjies opgepik word soos die heidene wat die saadwoord oppik wanneer die Jode nie die ewangeliewoord van Jesus wil glo en aanvaar nie. Vir hierdie heidene is dit nie nodig dat die saad in goeie grond moet val en moet ontkiem en vrug dra nie. Die saad gee dadelik lewe, dit is dadelik voedsel. Die heidenvoëltjies is te honger om te wag en pik dadelik die saad op. So is die heidene ook dikwels net te honger vir die ewangeliesaad om nog te wag dat dit moet ontkiem, groei en vrugdra. Dan is die heidene wat hierdie saadwoord eet soos die mense in die gesprek van die Samaritaanse vrou met Jesus: Sy

het na Jesus se hulp aan die heidene verwys asof Jesus se hulp soos broodkruummels is wat van die tafel af val en deur die hondjies onder die tafel geëet word (Mat. 15:26).

Sommige saad het op die klipbanke geval.

Tussen die eerste groep, die padchristene, en die laaste groep, die vrugdraers val twee ander groepe te wete die klipbankgroep en die dorings- en distelsgroep. In 'n sekere sin is die twee groep tussenin die loues waarna Openbaring verwys, die wat deur Christus uit Sy mond gespuug gaan word omdat hulle nie warm of koud is nie. Die eerste van hierdie twee groepe is die klipbankgroep. Hierdie mense se lewens lyk mooi en reg vir saadplant. Wanneer na hulle,soos'n saadland gekyk word, lyk hulle lewens skoon, gereed en vrugbaar. Die probleem is dat daar nie diepte by hierdie mense se harte is nie. Hulle is oppervlakkig. Dit lyk of hulle gewillig is om die evangeliesaad te ontvang. Hulle doen dit ook, maar omdat hulle oppervlakkige mense is, groei die evangelie net 'n kort rukkies in hulle harte. Die oomblik wanneer die Evangelie iets van opoffering vra staan hierdie mense terug en die evangelieplantjie verlep en vrek. So staan daar in hierdie mense se lewens dikwels verskeie verlepte en verdroogde plantjies soos hulle probeer om in hulleself geestelike diepte vir die evangeliewoord te skep, in die hoop dat die Woord hierdie keer vrug sal voortbring. Eintlik is hierdie mense se harte maar net padharte wat met 'n dun laagie grond bedek is. Aan hierdie mense word daar dikwels heelwat tyd bestee en so baie tyd gemors.

Die saad wat tussen die onkruid val

Dikwels word die essensie van hierdie woorde misgelees. Daar was 'n land vol onkruid. Tussen die onkruid is die goeie saad gesaai sonder dat die onkruid verwyder is. Die saad het dus vanaf die begin 'n opdraende stryd teen die onkruid gevoer. Alles was reg, daar was goeie grond, die grond was diep en die goeie saad het ontkiem maar kon nie teen die onkruid wat reeds goed gevestig was kompeteer nie. So is dit ook in baie mense se lewens. Hulle wil nie hulleself

verloën nie. Hulle wil nie hulleself kruisig nie. Hulle wil in hulle sondes voorleef en Jesus se evangelie tussen hulle ou sondes probeer laat groei. Dit werk nie so nie. Jesus vra alles. Hy vra nie net 'n bietjie hartsgrond hier en daar nie. Sy Woord, die goei saad, kan nie groei en tot wasdom kom waar steeds aan die onkruidsondes voorkeur gegee word nie. Al wat van die saadplantjies van goeie saad sal oorbly is verskrompelde ou klein plantjies wat geen vrug sal dra nie. Al wat sal tier en tot volwassenheid sal kom is die sonde-onkruid. Daar is ook 'n waarskuwing in hierdie betrokke geval. Predikers moet versigtig wees om nie die kosbare woord van Jesus se evangelie te gaan saai waar daar net gevestigde onkruidsondes staan nie. Indien 'n prediker se goeie saad deur die onkruidsondes verhinder word om te groei en vrug te dra moet hy liewers die stof van sy voete van so 'n gemeenskap afskud en nie langer die pêrels van God se woord voor die swyne gooi nie (Mat. 7:6). God waarsku dat die swyne die pêrels in die modder sal vertrap. In hierdie geval speel die gelykenis van die muntstukke wat aan die slawe toevertrou is om mee te woeker totdat die eienaar sou terugkom ook 'n rol. Die een wat 5 muntstukke ontvang het en 5 daarby verdien het, het ook die enkele muntstuk van die een wat niks daarmee verdien het nie, ontvang. Die wat het sal meer kry en die wat nie het nie van hulle sal weggeneem word wat hulle het. (Mat. 25:14).

Die saad wat in goeie grond val.

Statistiesgesproke was 25% van die saad in goeie grond gesaai. Die goeie saad het tot 100% opbrengs gelewer. Merkwaardig dat alhoewel die wat inkom min sal wees sal dit genoeg wees om te vergoed vir die saad wat nie vrug gedra het nie. Die 100% opbrengs het 25% opbrengs vir elkeen van die vier groepe beteken. Die wat inkom in God se koninkryk mag dalk min wees, indien na al die saad gekyk word wat gesaai is, maar dit sal genoeg wees.

Die saad wat in goeie grond gesaai is sal egter bedreig word soos in die volgende gelykenis gesien sal word.

‘n Persoonlike interpretasie van die gelykenis van die saaiër:

Jesus is die Koning van die koninkryk. Hy is die Groot Saaier. Hy saai Sy woord in ons lewens in soos met hierdie gelykenis. Dit is goed om iets van die Groot Saaier te leer; hy is vrygewig met Sy woord. Hy saai orals en vir almal. Hy weet dat sommige harte dor en hard soos ‘n pad is, maar selfs hierdie harte ontvang die saad van die woord. Hy weet dat sommige menseharte geen diepte vir Sy woord het nie en dat die geringste toets die ou geloofsplantjie gaan laat verdor. Maar in Sy groot liefde en regverdigheid saai Hy tog ook in hierdie lewens in. Hy weet dat sommige mense nie luister na Sy woord nie en vol bekommernis is, in plaas daarvan om die bekommernis na Hom toe te bring. Hy weet dat die evangelieboodskap wat hierdie mense gaan hoor, deur bekommernis verstik gaan word en dat Sy woord so in mense se lewens geen uitwerking sal hê nie. Daar gaan net bekommernis oorbly. So weet Hy ook van die sug na rykdom in mense se lewens en dat die afgod van rykdom en die begeerte na dinge buite Hom die woord oneffektief sal maak. Tog saai Hy in Sy groot genade. Hy weet ook dat daar mense is wat ‘n sagte smagtende hart het, dat die mense Sy woord met blydschap gaan ontvang, dit gaan oordink, dit binne in hulle hart gaan bêre, die woord sal aanneem en gaan toelaat dat dit vrug dra. Ook terwille van hierdie mense sorg Hy dat Sy woord mildelik gesaai word.

In ‘n mindere of meerdere mate was my hart deur my lewe op al vier hierdie plekke gewees; soms is die woord by my een oor in en by die ander uit, soms het ek bietjie aandag gegee aan wat ek gehoor het maar dit tog gou vergeet. Soms het die woord my geraak en het die woord invloed op my lewe begin uitoefen totdat die bekommernis oor een of ander probleem, of die genot van een of ander ding, of die denke oor een of ander iets wat my geïnteresseer het, die boodskap dood gemaak het. Sodat ek later nie eers meer kon onthou wat dit was wat my geraak het nie. Goddank daar was ook die saadwoord wat blywend ingang gevind het en vrug gedra het in my denke, woorde en optrede.

Vir Jesus gaan dit oor Sy koninkryk, nie oor Homself nie. Met ander woorde dit gaan oor ons die ongereddes wat vir Sy koninkryk gered moet word. Vir die doel is die saadwoord van die evangelie ruim gesaai. Hy weet dat die wat gaan vrug dra min gaan wees maar nogtans het Hy Sy alles gegee om die paar vrugdraers te red.

Die saad van die evangelie is goed. Die probleem is met die grond waarin gesaai word, ons harte. Die evangelie het lewenskrag, dit soek net 'n medium waarin dit kan groei. Dit is ons verantwoordelikheid om 'n goeie groeimedium te skep. Ons kan ons klippharte ploeg met Sy woord, met die oordenking en aanvaarding van Sy woord. Ons kan sorg dat die geloofsplantjie genoeg water kry deur Sy woord te bestudeer, te oordink, te glo en te aanvaar. Ons kan gelowig en gehoorsaam die afgode van genot, plesier en begeerte, uit ons lewens verwyder. Ons kan gelowig ons vertrou in Hom plaas en nie vrees vir dit waarmee satan ons wil bangmaak nie. Ons kan Hom gelowig vertrou as die volle volledige versoening vir al ons sondes. Ons kan Hom aanvaar as die Seun van God wat vir al ons sondes volledig geboet het. Ons kan ons lewens aan Hom oorgee en Sy Heilige Gees toelaat om ons te lei, te beheer en te bestuur om baie vrug vir Sy koninkryk te dra.

Jesus is nie net Saaier nie. Hy is ook die Saad, die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het (1 Johannes 1).

2. Tweede gelykenis: Die onkruid tussen die koring.(Mat.13:24)

Die koninkryk van die hemel kan vergelyk word met 'n man wat goeie saad op sy land gesaai het. Een nag, toe die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid tussen die koring gesaai en verdwyn. Toe die groen koring opskiet en in die aar begin kom, het die onkruid ook sigbaar geword. Die slawe van die boer kom sê toe vir hom: "Meneer het u nie goeie saad op u land gesaai nie? Waar kom die onkruid dan vandaan?" Hy antwoord hulle: "Dit is 'n vyand se werk." Die slawe sê toe vir hom: "Wil u hê ons moet dit gaan uittrek?" Nee, sê hy, as julle die onkruid nou bymekaarmaak, sal julle die koring saam uittrek. Laat albei saam groei tot met die oes. In die oestyd sal ek vir die wat oes, sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring na my skuur toe."

Jesus se verklaring van die gelykenis (Mat. 13:37):

Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens. Die saailand is die wêreld. Die goeie saad, dit is die mense van die koninkryk; die onkruid is die aanhangers van die bose; die vyand wat die onkruid saai, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld; die wat oes, is die engele.

Soos die onkruid bymekaargemaak en met vuur verbrand word, sal dit by die voleinding van die wêreld wees. Die Seun van die mens sal Sy engele stuur, en hulle sal uit sy koninkryk verwyder almal wat ander mense in sonde laat val, almal wat die wet van God oortree, en sal hulle in die brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners. Dan sal die gelowiges in die koninkryk van hulle Vader skitter soos die son. Wie ore het, moet luister.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Dit mag wees dat die Heilige Gees benewens Jesus se verklaring van die gelykenis ander insigte aan jou wil openbaar. Lees die

gelykenis en Jesus se verklaring daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy Evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

Konteks van die gelykenis.

Hierdie gelykenis sluit nou aan by die voorafgaande een oor die *Saaier wat gaan saai het*.

In die Matteusevangelie word die twee gelykenisse op die volgende manier deur Jesus verbind:

(Mat. 13: 24)

Hy het nog 'n gelykenis aan hulle voorgehou en gesê:

Dat Jesus twee gelykenisse van 'n saaiër, saad, 'n oes en vrugdra direk na mekaar vertel, wil vir ons sê dat die aangeleentheid vir Jesus besondere betekenis gehad het.

Daar is verskille tussen die twee gelykenisse. Die ooglopendste is die volgende:

1. In die eerste gelykenis van die saaiër verklaar Jesus die saad as die evangeliewoord aangaande Homself. In die huidige gelykenis word die saad die mense van God se koninkryk.
2. In die eerste gelykenis word nie 'n verklaring vir die saaiër gegee nie. In die tweede gelykenis word pertinent vermeld dat die Saaiër die Seun van die mens, naamlik Jesus is.
3. Jesus se kinders word soos goeie saad op die oesland van die wêreld gesaai. In die eerste gelykenis was die oesland die hart van die mens. Waar die onkruid in die eerste gelykenis die sorg van die lewe, die sug na rykdom en die begeerte na besit was, word die onkruid in die huidige gelykenis die aanhangers van satan.

4. Waar daar 4 groepe mense in die eerste gelykenis is, word daar net twee groepe persone in die tweede gelykenis bespreek, naamlik die kinders van God en die kinders van satan.
5. Die eerste gelykenis sluit af met mense wat veel vrug dra vir God se koninkryk en die tweede sluit af met die mense wat geen goeie vrug dra nie en in bondels gebind in die helse vuur gewerp word.
6. Die tweede gelykenis word onderstreep met die woorde: *Wie ore het, moet luister*. Dit is asof daar 'n dringendheid deur Jesus aan hierdie gelykenis gegee word. Ons tweede gelykenis, *die van die onkruid tussen die koring*, word deur Jesus opgevolg met nog twee ander gelykenisse naamlik die van die *mosterdsaadjie* en die *suurdeeg*. Dit is asof Jesus dan voorlopig klaar is met die gelykenisse vir die bepaalde geleentheid want na die gelykenis van die suurdeeg staan in vers 36: *Daarna het Jesus van die dissipels af weggegaan huis toe*. By die huis gekom het Hy aan Sy dissipels se versoek voldoen en vir hulle die gelykenis van die onkruid verklaar.

Hierdie twee gelykenisse sal na die huidige gelykenis bespreek word. Na die gelykenis van die suurdeeg word die gelykenis van die onkruid verklaar.

‘n Wier betekenisgewing van die gelykenis van die onkruid.

Om hierdie gelykenis beter te verstaan is dit nodig dat na die *Amplified Bible* verwys word.

Mat. 13: 25 word hier so vertaal:

But while he was sleeping, his enemy came and sowed darnel (weeds resembling wheat) among the wheat and went on his way.

Vers 23 word soos volg vertaal:

Let him who has ears (to hear) be listening, and let him consider and perceive and understand by hearing.

Ear kan benewens *ore* ook vertaal word met *die are waarin die saad is (Head of corn containing the seeds -Oxford Dictionary).*

Merkwaardig dat *darnel* soos koring lyk maar eers by die oes as vals koring ontmasker word. So is dit ook met *Ear* die geval. In die oor (*ear*) kom die ewangeliewoord soos saad in. Indien dit vals of swak saad is, kan dit nie ontkiem en vrug dra nie. Dan is die woord wat in die oor kom, sonder die lewegewende Heilige Gees, dood en bloot 'n nabootsing van die ware ewangeliewoord, amper soos *darnel* wat soos koring lyk maar nie tot koringkorrelvrug ontwikkel nie. In hierdie verband word gedink aan die baie vals boodskappe oor Jesus wat in ons tyd geweldig vermeerder het. Dit is soos valshede dat Jesus getroud was, dat daar nie iets soos 'n maagdelike geboorte was nie en dat die hel nie bestaan nie. Hierteenoor roep Jesus die wat die ewangelie hoor op om te luister, die ewangelie te oordink (*consider*) konsepte van die ewangelie te vorm soos visuele beelde (*conceive*) en om die ewangelie te probeer verstaan. Jesus sê dus vir ons dat dit nodig is om met erns hierdie gelykenis te oorweeg, te oordink en dit ons eie te maak.

Ietsie meer oor *darnel*

Die 1983 vertaling praat van onkruid wat tussen die koring gesaai word. *Darnel* is egter iets wat soos koring lyk maar nie koringkorrels dra nie. Die onderskeid kom eers te voorskyn wanneer die koring en die *darnel* moet saadskiet.

Merkwaardig is dat die Saaier, Jesus, geloofsgemeenskappe op die aarde saai volgens Jesus se uiteensetting van die gelykenis. Die duiwel saai nadat die koring reeds opgekom het sy kinders tussen die gelowiges in. Dit wil voorkom of die valskoring, die onkruid wat satan saai dan die satan se kinders is wat die slegte dinge doen. Die ontstellende is dat satan se kinders, volgens

die gelykenis baie soos die kinders van Jesus lyk. Toe daar by vrugdra gekom is, het die onderskeid tussen satan se kinders en Jesus se kinders baie goed tevoorskyn gekom. Indien na Galasiërs 5:22 gekyk word, sal die vrug van Jesus se kinders die volgende wees:

Liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, geduld, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Hierteenoor is die vrug van satan se kinders (Gal.5:19):

Onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery , vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap uitspattigheid en dergelike dinge.

Daar word heelwat meer vrug aangedui by satan se kinders as by Jesus se kinders. Dit stem ooreen met die verwagting ten opsigte van die eindtyd wanneer die sondes van die mensdom grootliks gaan vermeerder.

Soos die onderskeid tussen koring en *darnel* moeilik is sal dit ook moeilik wees om die gelowige van die vals gelowige te onderskei. Alleen wanneer na die vrug, en dan veral die vrug van die liefde, gekyk word sal die groot onderskeid te voorskyn kom. Die sendbriewe van Johannes is vol van die liefde van Christus wat in Sy kinders neerslag sal vind en so hulle van ander, wat voordoen dat hulle aan Christus behoort, sal onderskei.

Die nagwerker

Een nag terwyl die mense slaap het sy vyand gekom en onkruid tussen die koring gesaai en verdwyn.

Van die vroegste tye af was daar die stryd tussen Lig en duisternis, tussen satan se bose magte en die Goedheid van God. Ook in hierdie gelykenis kom die nagwerker, ou satan, om terwyl die mense rustig verkeer, sy bose volgelinge tussen hulle te plant. Hierdie volgelinge van satan word hoofsaaklik gebruik om te bedrieg, om voor te doen, om te mislei, om die Lig in skemer

te probeer verander. Alleen in verwarring, in onsekerheid, in twyfel kom satan se ware misleiding tot sy reg. Niks is nuut nie en soos in die paradys gebruik satan halwe waarhede, doen hy hom voor as 'n engel van die lig, verwar hy die mens, mislei hy totdat die mens, die goeie saad van God, vals soos hyself word en nog net 'n gedaante van Godsaligheid openbaar, soos dit in ons tyd so helder besig is om te gebeur.

'n Persoonlike interpretasie van die gelykenis.

Die subtiele verleiding van satan in vandag se tyd is uiters gevaarlik. Die skynwerklikheid van dit wat ons met ons sintuie waarneem is 'n gevaar vir die behoud van God se lig in ons lewens. Dink maar aan die virtuele werklikheid wat televisie, fliks, sepies, die tydskrifte en koerante vir ons voorhou. Hoe weet jy vandag nog of iets werklik is, of die foto of video gemanipuleer is, of die feite in die koerant werklikheidsgetrou is, of dit wat jy lees 'n storie is en of dit feite is, of jou sogenaamde Christenbroer werklik in Jesus glo, of die prediker na wie jy luister werklik God se Gees in hom het en of die kerk se dogmas met die Bybel versoenbaar is.?

Is die Christene om jou God se saad of is dit die saad van die nagwerker?

3. Derde Gelykenis: Die mostertsaadjie en die suurdeeg (Mat. 13:31)

Hy het nog 'n gelykenis aan hulle voorgehou en gesê: “ Die koninkryk van die hemel is soos 'n mostertsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het. Dit is die kleinste van al die soorte saad, maar as dit uitgegroeï het, is dit groter as die tuinplante en word dit 'n boom, sodat die voëls in in sy takke kom nesmaak.”

Hy het hulle nog 'n gelykenis vertel: “Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou gevat en in groot skottel meel ingewerk het totdat dit heeltemal deursuur was.”

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

‘n Moontlike verklaring van die gelykenis van die mostertsaad:

Jesus gee nie 'n verklaring vir die gelykenis van die mostertsaad en die suurdeeg nie.

Om die gelykenis van die mostertsaad te verklaar is nie so maklik nie. Baie mense het verskillende verklarings vir die gelykenis aangebied en soms tot teenoorstaande verklarings gekom. Dit wil egter voorkom of daar eenstemmigheid is oor die breë interpretasie van die twee gelykenisse naamlik:

Jesus is die een wat die mostertsaadjie plant. Die mostertsaadjie is die koninkryk van God, wat klein begin maar baie groot word en uitbrei oor die hele aarde.

Die gelykenis word baie interessant wanneer die mostertsaad en die mostertboom van naderby bekyk word. Kom ons kyk na 'n paar eienskappe van hierdie plant:

1. Die mostertsaadjie is die kleinste van al die saadjies. Sy deursnee is ongeveer 1 mm.
2. Die plant is eenjarig.
3. Die plant groei baie vinnig en bereik gedurende die jaar wat dit groei 'n hoogte van tot 2,7 meter.
4. Die plant is houtagtig.
5. Die plant groei wild en wanneer dit gesaai is, is dit moeilik om dit te beheer. Dit vermeerder baie.
6. Waar die saad val ontkiem dit dadelik
7. Die saad van die mostertplant is klein en olieryk.
8. Sommige voëls soos vinke is lief vir die olierige saadjies maar die meeste voëls hou nie van die plant nie.

Van hierdie eienskappe van die mostertplant kan gebruik word om verdere betekenis aan die gelykenis te gee:

1. Die evangelie is soos 'n klein mostertsaadjie. Dit word deur baie mense nie hoog geag of as baie waardevol beskou nie.
2. In teenstelling met die mostertplant wat net 'n jaar lank hou, is die evangelie vir ewig gevestig in God se koninkryk. Daar is egter ook 'n beperkte tyd wat die mens het om te lewe soos die mostertplant.
3. Die evangelie is ook geneig om soos die mostertsaad vinnig te groei en te versprei om sodoende God se koninkryk te word.

4. Die houtagtige aard van die plant laat ons dink aan die hout van Jesus se kruis. Die kruis, soos die stam van die mostertplant, staan sentraal in die bestaan van God se koninkryk.
5. Die evangelie en die uitbreiding van God se koninkryk kan, soos die mostertsaad se vermeerdering, moeilik gekeer word.
6. Die evangelie ontkiem dadelik en bring vrug voort soos die mostertsaadjie.
7. Die mostertplant se saad is klein en olieryk. Die Heilige Gees van God word ook dikwels as olie voorgestel soos by die 10 meisies wat vir die bruidegom wag (Mat. 25:1). Alhoewel die Heilige Gees nie sigbaar is nie is dit groeikragtig soos die mostertsaad.
8. Net 'n klein groepie mense sal die koninkryk van God beërwe. Nie almal is aangetrokke tot die evangelie van Jesus nie soos min voëls van die olieryke (Geesvervulde) saad van die mostertplant hou.

Verklaring van die gelykenis van die suurdeeg

By die bak van brood is deeg van vars meel gemaak en 'n bietjie gegiste deeg van 'n vorige baksel is daarby gevoeg; daardie ouer deeg, die suurdeeg, was in water bewaar gewees. Suurdeeg is dus iets van gister, iets van die verlede. Die ou suurdeeg het, wanneer dit by die vars meel ingemeng is, 'n reaksie laat ontstaan waartydens gasborrels die hele nuwe baksel deurtrek het en die gas of lug die meel laat oprys het. Die ou suurdeeg het dus die vars meel beïnvloed deur die lug wat van die ou suurdeeg af in die vars meel ingeknie is. Wanneer die ou suurdeeg ingeknie is was die proses onkeerbaar en het die versuring van die vals meel net voortgeduur.

Die evangelie van Jesus het sy oorsprong in die paradys toe die belofte van God aan die mens gemaak is dat die mens se nasaat die slang se kop sal vermorsel. Dit het inderdaad gebeur toe

Jesus satan se mag verbreek het toe Jesus gesterf en opgestaan het om die sondemag van satan oor die mens te verbreek. Hierdie Suurdeeg, naamlik die evangelie, het 'n verwagting deur hierdie gelykenis vir die mens geskep. Hierdie verwagting het ingehou dat die evangelie, soos suurdeeg, van die ou bedeling na die nuwe bedeling sal deurwerk.

Toe die Israeliete moes trek uit Egipte moes hulle ongesuurde brood eet. Dit het die afsluiting van die ou slawebestaan in Egipte beteken. Die Israeliete sou voortaan vry wees en niks van die ou slawebestaan in Egipte moes na die nuwe bedeling oorgedra word nie. Dit was ook simbolies van die afsluiting van die ou sondebestaan wanneer die mens in die toekoms die evangelie van Jesus tot vrymaking en redding sou aanneem. Hierdie heuglike gebeurtenis word vandag nog in die gebruik van die nagmaal gesimboliseer, wanneer ons brood eet as herinnering daaraan dat in Jesus die ou sondebestaan afgesluit is en ons nou in 'n nuwe genadebedeling, in plaas van wetsonderhouding, leef.

Konteks van die gelykenis

Hierdie is die derde gelykenis waarin Jesus van saad, saai en vrug gebruik maak.

Hier het ons met die kleinste saadjie te make maar in verhouding die kragtigste groeier. In die eerste gelykenis van die saaiër was die saad die Woord. In die tweede was die goeie saad die kinders van God. In hierdie gelykenis is die saad onder andere die piepklein begin van die koninkryk van God. In 'n sekere sin is die eerste mostertsaadjie Jesus. Van Hom af groei die evangelie oor die wêreld soos 'n mostertplant; vinnig, onstuitbaar en welig.

Persoonlike interpretasie van die twee gelykenisse:

In Kol. 2:11 staan die volgende opgeteken:

Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis van Christus, en dit bestaan in die wegneem van die

sondige natuur van die mens. Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is.

Die ou natuur van die mens is soos by die besnydenis afgesny en weggegooi. Die ou natuur kan nie meer die mens beïnvloed nie want die sondige natuur van die mens is weggeneem. Die doop bevestig dit vir ons. Ons het saam met Christus gesterf.

Daarom kan die ou suurdeeg van die ou verdiensteredding onder die wet, nie meer die vars meel van Jesus se genade, in die nuwe bedeling, versuur nie. Ons is nuwe brode, ongesuurde brode, die ou suur sondebestaan het nie plek in die nuwe lewe in Christus nie.

4. Vierde gelykenis: Die skat in die saailand (Mat. 13:44)

Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n skat wat in 'n saailand onder die grond lê. As iemand dit kry, maak hy dit weer toe; en omdat hy baie in sy skik is, gaan verkoop hy alles wat hy het en hy koop daardie land.

Konteks van die gelykenis

Hierdie gelykenis word saam met twee ander kort gelykenisse deur Jesus vertel, direk nadat Hy die gelykenis van die onkruid vir Sy dissipels verklaar het. Jesus gee nie vir gelykenis van die skat in die saailand en vir die gelykenis oor die soek na die kosbare pèrel, 'n uitleg nie. Vir die derde kort gelykenis oor die treknet wat in die see uitgegooi word, gee Jesus wel 'n verklaring. Die sentrale tema by hierdie drie gelykenisse gaan telkens iets wat kosbaar of baie bruikbaar is.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring, waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy Evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

Verklaring vir die gelykenis van die skat in die saailand

(Hierby word ingesluit 'n persoonlike interpretasie van die gelykenis)

Alhoewel dit 'n kort gelykenis is, het dit 'n aangrypende betekenis. Daar is sekerlik heelwat verklarings vir die gelykenis maar die volgende is vir die skrywer, na oordenking en leiding van die Heilige Gees, die kern van die betekenis van die gelykenis:

Die koninkryk van die hemel kan hier die hemel self beteken. Die saailand is die hemel. Die skat in die saailand is ons Here Jesus. Die verborge skat is die verborge allesoortreffende kosbaarheid van ons Here Jesus. Die werker wat die skat ontdek is ons, die soekende siele op die aarde. Wanneer die skat, ons Jesus, ontdek word, is niks op hierdie aarde kosbaarder nie en word alles verkoop, weggegee, van alles losgemaak om hierdie een Skat, Jesus, te bekom.

Uit hierdie verklaring kom verdere interessante moontlikhede: Die grond waarin die skat begrawe is, is te koop. Blykbaar stel nie baie mense daarin belang nie want baie gaan daaglik daar verby. Dit is soos met die hemel. Die hemel is vir almal beskikbaar maar die meeste mense gee die hemel net so 'n terloopse kyk en dink dit is nie 'n slegte stuk grond nie maar dit maak my nie eintlik opgewonde nie. Ek het ander grond en besittings wat vir my veel aantrekliker is. So was dit ook met die man wat die grond begin bewerk het. Toe hy begin delf het in die grond soos iemand wat die hemelse dinge begin ondersoek, het hy skielik op die groot skat in die grond afgekom. So is dit ook met mense wat God se dinge begin ondersoek; spoedig vind hulle uit dat daar 'n skat in die hemelgrond weggesteek is- Jesus ons Here. Op die stuk grond is daar 'n prys. Dit is 'n interessante prys. Dit is nie 'n vasgestelde bedrag nie. Die prys is **alles**. Soos die mens in die gelykenis alles moes gaan verkoop om die grond te kon bekostig is dit vandag nog. Die prys van die hemel waarin Jesus as skat woon, vra van ons om alles te gee, alles van die wêreld moet opgegee word, verkoop word, jouself en jou eie belange moet gekruisig word; die prys is hoog, dit vra van ons alles. Alleen die wat bereid is om alles, van dit wat vir hulle waarde gehad het, op te gee kan hierdie skat bekostig. Mat. 6: 33 is hier van toepassing: **Soek eers die koninkryk van God en al hierdie dinge- die res van die skat sal vir julle bygevoeg word.** Wat maak hierdie skat so besonders?

Jesus, as die skat van alle skatte, is 'n ewige skat. In hierdie skat is opgesluit ewige lewe, nooit weer siekte nie, nooit weer ongeluk nie, nooit weer trane nie, nooit weer onsekerheid nie, nooit weer spanning, angs of bekommernis nie. Nee, die oomblik wanneer jy die grens oorsteek na die hemelland van ons Heiland toe is in Hom die skat van onbeskryflike heerlikheid, vrede, geluk, saligheid, liefde en vergifnis jou ewige deel.

Wie sal nie alles op hierdie aarde opgee vir so 'n Skat nie?

Die evangelis, David Kolenda, gee 'n interessante uitleg vir hierdie gelykenis op *God.Tv*:

*Die man wat die skat in die land kry is Jesus. Ons as gelowiges is die skat in die land. Jesus verkoop alles om ons, die skat, los te koop. Hy gee alles op, Sy luister, Sy posisie en eer vir ons (Joh. 3:16) Waarom gee God alles? Hy weet dat daar in die wêreld iemand is wat Hom sal aanneem. Wat kan God, Wie alles besit, gee sodat dit Hom iets sou kos? Dit is net Sy geliefde Seun, ons Here Jesus. Hy gee met vreugde omdat ons redding vir Hom groot vreugde verskaf. Soos Kolenda dit stel: **You are the treasure. God is not against you. He loves you.***

5. Vyfde gelykenis: Die handelaar wat goeie pêrels soek. (Mat.13:45)

Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n handelaar wat op soek is na goeie pêrels.

As hy 'n baie waardevolle pêrel raakloop, gaan verkoop hy alles wat hy het en koop die pêrel.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

Verklaring van die gelykenis van die kosbare pêrel.

Om iets van die gelykenis van die kosbare pêrel te kan verstaan is dit nodig om iets meer oor die pêrel self te sê.

1. Vandag bestaan daar hoofsaaklik drie groepe pêrels te wete: natuurlike pêrels, gekweekte pêrels en nagmaakte pêrels. Om die verskil tussen natuurlike en gekweekte pêrels te bepaal moet van x- strale gebruik gemaak word. In Jesus se tyd was daar eintlik net een tipe pêrel naamlik die kosbare natuurlike pêrel.
2. 'n Natuurlike pêrel is vandag 'n rare artikel en is bykans onbekostigbaar duur.
3. Pêrels word gevorm binne die dop van sekere molluske as 'n verdedigingsmeganisme teen potensieel bedreigende en irriterende parasiete binne die skulp se dop. Dit kan ook gevorm word wanneer die dop van buite aangeval

word en die weefsel van die binneste laag beskadig word. 'n Sak word dan om die pêrel gevorm om die irritasie af te seël. Pêrels word dan gevorm as 'n immuniteitsrespons om 'n antigeen te vang.

4. Die skoonheid en prag van pêrels kan toegeskryf word aan die refleksie van lig. Die verskillende lae waaruit die pêrel ontstaan breek lig op verskillende maniere op waardeer die weerkaatsing van lig bepaal word.
5. Omdat pêrels uit kalkkarbonaat bestaan, is pêrels oplosbaar in asyn.
6. Dit is dikwels nodig om honderde organismes deur te soek voordat 'n enkele natuurlike pêrel in die dop gevind word.

Uit hierdie eienskappe van 'n pêrel kan ons ten opsigte van die gelykenis die volgende aflei:

1. Soos daar drie groepe pêrels is, is daar ook vandag drie tipes Christene naamlik, die egte Geesvervulde Christene (Natuurlike pêrels), die Christene wat reeds aan Jesus oorgegee het maar nie werklik Geesvervuld lewe nie en deur nabootsing soos egte Christene lyk (Gekweekte pêrels) en die vals Christene wie nooit regtig 'n volkome oorgawe aan Christus gemaak het nie (Nagemaakte pêrels). Soos daar net met x- strale 'n onderskeid tussen natuurlike en gekweekte pêrels gemaak kan word is dit ook moeilik om die Geesvervulde en nabootsingschristene te onderskei.
2. Die egte Geesvervulde Christen is soos natuurlike pêrels skaars en kosbaar in God se oë.
3. Soos natuurlike pêrels word die egte Christen se innerlike gees en siel ook deur innerlike trauma en aanvalle van buite in juwele vir Christus gevorm.
4. Soos die skoonheid van die natuurlike pêrel deur die refleksie van lig gevorm word is die skoonheid van die egte Christen bloot die weerspieëling van die lig van God.

5. Die egte Christen se glans vir God word ook, soos die pêrel deur asyn verwoes kan word, bedreig deur uitdagings vanuit die wêreld en innerlike begeertes wat mag ontstaan.
6. God het iewers in Sy woord gesê: Sal God nog geloof op die aarde vind ? (Lukas 18:8) Dit wil voorkom of daar min ware gelowiges op die aarde gevind sal word, amper soos natuurlike pêrels.

Die handelaar wat op soek is na waardevolle pêrels is soos die mens wat soekend is op aarde na dinge wat die moeite werd is en wat vir die mens sin en betekenis het. Dikwels sal so 'n mens verskeie dinge vind wat vir hom of haar die moeite werd is om na te jaag. Daar sal soos pêrels (meervoud) ook dalk verskeie dinge wees wat die waarde van pêrels sal verteenwoordig. Die handelaar hou aan met soek. Die handelaar is soos die mens wat soekend is en nie met wat hy het vergenoegd is nie. Daarom word daar na nog meer en beter gesoek. Die handelaar verhandel die pêrels totdat hy die EEN GROOT KOSBARE pêrel raakloop. Dit is so kosbaar dat dit nie verhandelbaar is nie. Dit is die moeite werd om alles wat hy besit prys te gee, te verkoop om hierdie een groot kosbare pêrel te kan besit. Die koninkryk van God is **die** EEN, DIE GROOTSTE, DIE KOSBAARSTE skat wat ooit deur die mens besit kan word. Hierdie skat kan net gekoop word met die alles van die self en die bloed van Jesus.

Die feit dat Jesus nie self 'n verklaring vir hierdie gelykenis gegee het nie, maak die moontlikheid oop vir die mens om vanuit sy eie konteks, lewenservaring, bekwaamheid en omstandighede persoonlik hierdie gelykenis te verklaar. Solank die Groot Waardevolle Pêrel Jesus is, maak die interpretasie van die gelykenis nie werklik saak nie.

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Soos die handelaar, het die skrywer op verskillende leeftyd fases verskillende pêrels as waardevol ervaar. Eers was dit die besit van 'n windbuks, later die slaag van matriek, later die

verwerwing van 'n graad, later die besit van 'n plaas, later 'n professionel registrasie en toe die GROOT EEN; **JESUS VAN NASARET**. Met die besit van hierdie Pêrel het die ander pêrels se waarde tot nietighede vervaag.

6. Sesde Gelykenis: Die Treknet (Mat. 13: 47)

Verder gaan dit met die koninkryk van die hemel soos met 'n treknet wat in die see gegooi is en allerhande soorte vis vang. As dit vol geword het, sleep hulle dit op die strand uit en gaan sit om die goeie vis in mandjies bymekaar te maak, maar die onbruikbares gooi hulle weg.

Jesus se verklaring van die gelykenis

So sal dit by die voleinding van die wêreld wees. Die engele sal uitgaan en die slegtes skei van die goeies en hulle in die brandende oond gooi, Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

Konteks van die gelykenis

Dit is nou reeds die sesde gelykenis wat Jesus hier in Mat 13 vertel. Dit is ook die laaste een van die drie kort gelykenisse. Jesus se verklaring van die gelykenis is kort en bondig. Niemand vra Hom wat die gelykenis beteken nie. Hy sê sommer dadelik vir Sy hoorders wat dit beteken; *goeie en slegte mense gaan uiteindelik geskei word en 'n vreeslike lot wag vir die slegtes.*

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Hier is sprake van “goeie vis” en “onbruikbare vis”. ’n Verskriklike lot wag vir die onbruikbare vis. ’n Mens sou as teenstelling vir “goeie vis” dalk “slegte vis” verwag het, maar die onderskeid is “onbruikbare vis”.

Goed en sleg sal deur die aanname van die vergifnis wat Jesus vir ons verwerf het bepaal word. Bruikbaarheid sal deur onself bepaal word. Die vraag aan die einde sal wees hoe bruikbaar jy vir God se koninkryk was nadat jy in Jesus se verdienste goed geword het. Die verskriklikste woorde wat ’n mens ooit sal kan hoor sal wees as Jesus sê:

“Gaan weg van My af,” Mat 25:35

Die kriterium vir lof of verwerping sal wees vir wat gedoen is nadat die mens tot bekering gekom het. Het jy die honger mense gevoed, het jy dorstiges iets gegee om te drink, het jy ’n vreemdeling gehuisves, het jy mense geklee, verpleeg, in siekte besoek, in die gevangenis besoek? Om te weet dat jou medemens Jesus verteenwoordig en dat jy elke keer iets vir Hom gedoen het of versuim het om iets vir Hom te doen, sal die deurslag gee. Jesus het jou vergifnis reeds verdien. Dit is gedoen. Uit liefde en Sy Gees gedring sal jy dan doen wat Hy van jou verlang. Indien nie, sal jy jouself identifiseer as **slegte grond, as slegte saad, as onkruid, as iemand wat die skat nooit ontdek het nie, as ’n nagmaakte pêrel en ’n onbruikbare vis.**

7. Sewende Gelykenis: Uitdeel van muntstukke (Mat. 25:14)

Verder gaan dit soos met 'n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaar geroep en sy besittings aan hulle toevertrou. Vir die een het hy vyf goue muntstukke gegee, vir 'n ander twee en vir 'n derde een. Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamheid gegee en op reis gegaan.

Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, het dadelik daarmee gaan werk en 'n wins gemaak van nog vyf. So ook die een wat twee gekry het; hy het 'n wins gemaak van nog twee. Maar die slaaf wat een gekry het, het 'n gat in die grond gegrawe en sy eienaar se geld daarin weggesteek.

Na 'n lang tyd het die eienaar van daardie slawe teruggekom en van hulle rekenskap gevra. Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, kom toe en bring die ander vyf saam en sê: “Meneer vyf goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met vyf ander wat ek wins gemaak het.” Toe sê die eienaar vir hom:” Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!”

Toe kom die een met die twee goue muntstukke en sê: “Meneer, twee goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met twee ander wat ek wins gemaak het.” Sy eienaar sê toe vir hom: “ Mooi so! Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!”

Toe kom die een wat een goue muntstuk ontvang het, en sê:” Meneer, ek ken u en weet dat u 'n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar u nie geplant het nie. Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe. Hier is u geld terug.” Toe sê sy eienaar vir hom: “ Jy is 'n slegte en lui slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie, en pluk waar ek nie geplant het nie. Dan moes jy my geld in die bank gesit het, en ek sou dit by my koms met rente teruggekry het. Vat die muntstuk van hom af weg en gee dit vir die een wat tien het. Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van

hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het weggevat word. En gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis daar buite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.”

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

Verklaring van die gelykenis

Jesus bied nie ‘n verklaring vir hierdie gelykenis aan nie. Dit is daarom dan nodig om die Heilige Gees toe te laat om die gelykenis vir ons te verklaar. Hoe Hy dit vir jou sal oopmaak mag verskil van hoe Hy dit vir my openbaar. Ek bied nietemin ‘n moontlike verklaring vir die gelykenis aan:

Die man wat op reis gaan is Jesus. Die slawe aan wie Hy Sy besittings toevertrou is gelowiges. Die besittings wat aan die slawe toevertrou word is Jesus se Heilige Gees, lewenskans, geleenthede, omstandighede en keusemoontlikhede. Die bekwaamhede wat in aanmerking geneem word by die uitdeel van die muntstukke kan die mate van geestelike volwassenheid, werklike natuurlike bekwaamhede soos die vermoë om voor mense op te tree, van liefde vir God en ywer wees. Die muntstukke het nie aan die slawe behoort maar hulle moes daarmee gaan werk tot voordeel van die baas. Hulle moes wat aan hulle toevertrou is gaan vermeerder deur daarmee te werk. Dit wat vir God waardevol is en aan die mense toevertrou word om mee te werk is die vergifnis van sonde, die redding van ‘n siel, die feit dat mense in God se

koninkryk ingebring word. Daarom ook dat daar gebid word:” Laat U koninkryk kom” (Mat. 6:10). Die muntstukke verteenwoordig die vermoë van die gelowige om die vrug van die Heilige Gees voort te bring en veral die vermoë om siele vir God se koninkryk in te bring. Dit is ook die dien van ander deur vergifnis en fisiese versorging. Dat die man op reis gegaan het beteken dat Jesus vir ‘n rukkie weggaan maar weer gaan terugkom om van die gelowiges rekenskap te vra ten opsigte van die vrug van die Heilige Gees in hulle lewens in die tyd tot by Sy wederkoms. Hy sal dan die wins van siele vir Sy koninkryk soek, die vergifnis aan ander soos ons dit van Hom ontvang het en die bediening van ander gelowiges.

Opmerklik dat die een wat vyf muntstukke ontvang het, dadelik daarmee gaan werk het, so ook die een wat twee muntstukke ontvang het. Daar is ‘n element van dringendheid asof daar min tyd is om die werk vir die baas te voltooi. So is dit ook met die kind van God gesteld. Toe Jesus teruggekeer het na Sy Vader toe het die dissipels dadelik na die uitstorting van die Heilige Gees met ywer en spoed siele begin insamel vir God se koninkryk. Hulle het ook vergewe soos God hulle vergewe het en het gedien en ander bedien soos Jesus gedoen het. Die bekwame sieleweners, wie ander kon vergewe het en ander bedien het, sal groot loon by Jesus ontvang by Sy wederkoms. Daar sal ‘n definitiewe onderskeid wees tussen die twee groepe; die wat fluks in God se koninkryk gewerk het en die wat lui en sleg was, en nie dit wat God aan hulle toevertrou het, gebruik het om Sy koninkryk uit te brei nie. ‘n Verskriklike lot wag vir die lui en onbevoegde werkers wat nie uitgegaan het en ten minste een siel vir God se koninkryk ingebring het nie. Die feit dat hierdie werker dit waarmee hy moes werk in die grond begrawe het omdat hy bang was vir sy baas dui op die toegee aan die gees van satan in plaas van die toelaat van God se Gees om te werk, toe te rus en vrug te dra. Dit wat die lui slaaf ontvang het en nie gebruik het nie, al die genade en goedheid van God, God se Gees en die geleentheid om goed te doen word aan die Geesvervulde getroue flukse werker gegee omdat die lui een in die hel nie hierdie gawes nodig sal hê nie.

Konteks van die gelykenis

Hierdie gelykenis is deel van die antwoord, wat Jesus op Sy dissipels se vraag gee, oor **wanneer die eindtydgebeure sal plaasvind.**

Direk na hierdie gelykenis vertel Jesus van die skeiding van die skape en bokke in die oordeelsdag. Ook hier is twee groepe soos in die voorafgaande gelykenis, In 'n sekere sin verklaar Jesus die gelykenis in die preek wat volg na die gelykenis. Die wat het, die wat gewerk het met wat God vir hulle gegee het om mee te werk, die wat siele ingebring het en mense in liefde versorg het word geskei van die lui dienaars wat niks vir hulle medemens beteken het nie. Interessant dat daar in hierdie preek van Jesus ook vyf groepe diensleweringe aangetoon word amper soos by die vyf muntstukke wat aan die dienaar verskaf is. Die arbeid van die dienaar het daarin bestaan dat die persoon wat

1. honger en dors was, gevoed is,
2. dat die vreemdeling gehuisves is,
3. dat die sonder klere klere ontvang het,
4. dat die siekes besoek is
5. en dat die persone in die tronk besoek is.

Die teendeel van hierdie groep mense was die wat nie hierdie vyf dinge gedoen het nie. Hulle lot was dieselfde as die van persoon in die gelykenis wat in die diepste duisternis buite gegooi is, waar daar 'n gehuil en geknars van tande sal wees.

Opmerklik is dat in die finale instansie die mens se lot bepaal word deur dit wat in geloof **gedoen is want sonder dade is die geloof dood** (Jak.2:26).

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Elkeen van ons, as gelowiges, ontvang iets om mee te gaan werk in God se koninkryk. God ken ons potensiaal en deel ons opdragte daarvolgens uit. Hy sal nooit van ons verwag wat Hy weet ons nie kan doen nie. Selfs die onbekwaamste onder ons kan 'n plan maak. Indien ons totaal onbevoeg voel kan ons ons geleentheid en kanse om goed te doen, aan ander oordra soos die baas van die lui slaaf verwag het. Wanneer ons moontlik vir sendelinge bid omdat ons onbevoeg voel om self sendingwerk te doen, sal dit wees soos die lui slaaf wat die munstuk in die bank sit sodat die bank daarmee vir sy baas rente kan verdien. Alhoewel dit nie ideaal is nie word dit deur Jesus self voorgestel en word dit daarom as beter as niks beskou. Dieselfde geld vir die bediening van armes; al word daar nie self uitgegaan om in 'n sopkombuis te werk en vir mense kos te gee nie, kan die finansies daarvoor voorsien word, daarvoor gebid word, indirek betrokke raak deur byvoorbeeld kos aan te ry ens. As jy nie self kan gaan nie, stel dan ander in staat om dit wel te doen.

8. Agtste gelykenis: Om te vergewe (Mat. 18:23)

Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het. Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word. Die man het voor hom neergeval en gesoebat; 'Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.' Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf.

Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: 'Betaal wat jy skuld!' Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: 'Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.' Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het.

Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld en hulle het alles wat gebeur het, vir die koning gaan vertel. Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: 'Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?'

Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis

genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

Jesus verklaar die gelykenis (Mat. 18: 35)

Om die verklaring beter te verstaan is dit nodig dat ons eers kyk na die konteks van die gelykenis. Voordat Jesus die gelykenis begin vertel, het iets anders eers gebeur: Mat 18:21 verhaal dit vir ons:

Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: “ Here hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerd teen my doen? Selfs sewe keer? “

Jesus antwoord hom:” Ek sê vir jou, nie sewe keer nie, maar selfs sewentig maal sewe keer

Dan vertel Jesus hierdie gelykenis.

Na die gelykenis vertel is, verklaar Jesus die gelykenis soos volg:

“ So sal my Vader wat in die hemel is ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.”

Nog moontlike betekenis opgesluit in die gelykenis

Daar kom ‘n dag wanneer Jesus ons lewensboeke sal oopmaak en dit saam met ons sal deurgaan om te kyk of ons skuldig is. Daar sal ook onder ons mense wees wat baie skuld by Jesus het. Ook ons sal nie ons skuld by Jesus kan betaal nie al probeer ons hoe hard. Alles wat ons het en vir Jesus wil aanbied sal nie genoeg wees om te vergoed vir die leed wat ons Hom aangedoen het nie. Ons skuld by Jesus is net te groot vanweë ons baie sondes. Moontlik sal daar ook onder ons die wees wat uitstel sal vra en belof dat ons deur ons goeie werke sal vergoed vir wat ons verkeerd gedoen het. Al wat ons nodig het is tyd en ons eie pogings. Soos die koning geweet

het dat dit vir die skuldenaar onmoontlik sal wees om vir al sy skuld self te betaal en die skuldenaar jammer gekry het, gaan dit ook met ons wanneer Jesus ons jammer kry en ons sondeskuld afskryf omdat Hyself reeds daarvoor betaal het.

Ook ons is dikwels soos hierdie man vir wie die skuld afgeskryf is; ons gryp ook die wat geringe oortredings teenoor ons begaan aan die keel om hulle te wurg totdat ons voel dat hulle genoeg gely het. Dink maar aan die kere wat ek en jy veronreg voel soos wanneer iemand met 'n motor voor ons inswaai. Hoeveel keer het ons die oortreder nie verwens, gehaat en gevloek nie? Het ons dan nie maar net soos die skuldenaar opgetree en so gou vergeet dat Jesus ons van ons verskriklike sondeskuld vrygespeek het nie? Is ons onwillig om ander te vergewe omdat ons onself hoër ag as die ander, asof ons voel dat 'n oortreding teenoor ons 'n groter oortreding is as wanneer ons teenoor God oortree?

Mag God ons behoed om die verskriklike woorde uit Sy mond te hoor:

“ Jou skurk!”

Waar die skuldenaar aanvanklik saam met sy familie verkoop sou word om sy skuld te betaal, is die koning oor sy onvergifnis nou so kwaad dat hy beveel dat die skuldenaar wat nie wou vergewe nie, gemartel moet word totdat hy sy skuld betaal het. Nooit sou die skuldenaar in hierdie omstandighede genoeg geld kon verdien het, terwyl hy gemartel word, om sy skuld te betaal nie. Jesus sê op 'n ander plek dat ons moet bid dat God ons ons sondes vergewe **soos ons ook ons skuldenaars vergewe** (Mat. 6:12) .In die voorbeeld van die modelgebed lewer Jesus net een kommentaar oor hierdie gebed (Mat. 6:14):

As julle ander mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemels Vader julle ook vergewe.

Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie.

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Ek is nie belangriker as ander mense wat teenoor my oortree nie. As ek vergewe kan word kan my medemens ook. Die, **ek moet vergewe**, word 'n dringendheid. Die vergifnis vir ander word deur Sy Gees in my gedring deur liefde soos Sy vergifnis vir my deur Sy liefde vir my gedring is.

9. Negende Gelykenis: Twee seuns. (Mat. 21: 28)

“ Wat sê julle hiervan? Daar was ‘n man met twee seuns. Hy het vir die een gaan sê: ‘ Seun, gaan werk vandag in die wingerd.’ ‘ Ek wil nie!’ antwoord hy, maar later het hy spyt gekry en tog gegaan. Die man het toe na die ander seun toe gegaan en vir hom dieselfde gesê. Hy het geantwoord: ‘Goed, Pa’, maar hy het nie gegaan nie. Wie van die twee het gedoen wat hulle pa wou hê?”

Hulle sê toe: “ Die eerste “

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Wanneer dit gebeur het, is jy gereed om die addisionele opmerkings ten opsigte van hierdie gelykenis te lees.

Jesus se verklaring vir die gelykenis (Mat. 21:31)

Toe sê Jesus vir hulle: “ Dit verseker ek julle: Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle die koninkryk van God in. Johannes het gekom om julle die regte pad te wys en julle het hom nie geglo nie, maar tollenaars en prostitute het hom geglo. Maar selfs toe julle dit sien, het julle nie agterna berou gekry en hom geglo nie.

Verdere verklaring vir die gelykenis

Om die gelykenis beter te verstaan is dit nodig om die konteks daarvan in berekening te bring. Jesus is hier in gesprek met die priesterhoofde en die familiehoofde. Dit is die gesagsdraers van die kerk van die tyd. Die mense het Hom met strikvrage probeer vastrek sodat hulle iets teen Hom kon kry. Toe hulle nie slaag nie het Jesus van Sy kant af 'n wedervraag gestel in die vorm van 'n gelykenis.

Die woordjie **Berou**, in die laaste gedeelte van die gelykenis en in Jesus se verklaring van die gelykenis help ons om die gelykenis beter te verstaan.

Jesus verbind die ampsdraers van die kerk van Sy tyd met die seun wat gesê het dat hy sal gaan werk in die wingerd, maar dit nooit gedoen het nie. Hy was nie jammer oor sy verkeerde gedrag nie, soos die ampsdraers ook nie jammer was dat hulle Johannes nie geglo het nie. Die tollenaars en prostitute het egter na Johannes geluister en hom geglo. Om hierdie rede, die geloof van die sondaar, sal die sondaar gered word. Die ergste is dat die kerkmens so arrogant in homself kan opgaan dat selfs al sien hy hoe sondaars tot bekering kom, dit hom nie sal raak nie en hy nie oor sy eie sondes jammer sal wees nie.

'n Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Maak 'n gelowige, in die tyd waarin ons leef, nie ook soms swak gebruik van geleentheid nie? Het ons nie soms al 'n besoekende prediker se dienste vermy omdat ons te lui was om te gaan luister nie? Het ons nie ook al beloftes aan God gemaak wat ons nie nagekom het nie? Is ons ook nie soms maar krities en afsydig wanneer die regte pad vir ons gewys word nie? Sal die ou dronkie, die dwelmverslaafde, die boemelaar, nie dalk nog voor ons die hemelpoorte binnestap vanweë hulle kinderlike geloof, wanneer ons nog met dogmas en beredenerings besig is nie?

10. Tiende gelykenis: Slegte boere huur ‘n wingerd (Mat. 21: 33)

“Luister na nog ‘n gelykenis,” het Jesus gesê: “ Daar was ‘n grondbesitter wat ‘n wingerd geplant en ‘n klipmuur daar rondom gebou het. Hy het daarin ook ‘n parskuip uitgekap en ‘n wagtoring opgerig. Toe het hy dit aan boere verhuur en op reis gegaan. Toe dit tyd geword het vir die druiweoes, het hy van sy slawe na die boere toe gestuur om sy deel van die oes te gaan haal. Maar die boere het sy slawe gevang, die een geslaan, en ‘n ander een doodgemaak, en ‘n ander een gestenig. Die eienaar het toe weer ander slawe gestuur, meer as die eerstes, maar die boere het met hulle netso gemaak. Heel laaste het hy sy seun na hulle toe gestuur met die gedagte : hulle sal tog my seun ontsien. Maar toe die boere die seun sien, sê hulle vir mekaar: ‘ dit is die erfgenaam die. Kom ons maak hom dood en vat sy erfenis.’ Hulle het hom toe gegryp en hom uit die wingerd uitgegooi en doodgemaak.

As die eienaar van die wingerd terugkom, wat sal hy met daardie boere doen?”

Hulle antwoord hom: “Hy sal daardie slegte mense ‘n vreeslike dood laat sterwe en die wingerd aan ander boere verhuur wat hom op die regte tyd sy deel van die oes sal gee.”

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Jesus se verklaring van die gelykenis (Mat. 21: 42)

Toe sê Jesus vir hulle: “ Julle het tog al in die skrif gelees: Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword, Dit is deur die Here gedoen en is ‘n wonder in ons oë.

Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan ‘n volk gegee sal word wat die vrugte daarvan sal oplewer. Wie op hierdie klip val, sal verpletter word en die een op wie hy val, sal hy vermorsel.”

Toe die priesterhoofde en die Fariseërs Jesus se gelykenisse hoor, het hulle besef dat Hy op hulle gesinspeel het. Daarom wou hulle hom gevange neem , maar hulle was bang vir die skare, omdat die Hom as profeet beskou het.

Verdere verklaring van die gelykenis

Hierdie is voorwaar ‘n moeilike gelykenis om te verklaar. Ons gaan ‘n bietjie hulp soek in die *Bybel in Praktyk* bladsy 1424 waar die volgende verklaring vir hierdie gedeelte aangebied word:

Die hoofkarakters in hierdie gelykenis is:

- 1. Die grondbesitter-God.*
- 2. Die wingerd-Israel.*
- 3. Die boere- die Joodse godsdienstige leiers.*
- 4. Die grondbesitters se slawe- die profete en priesters wat aan God getrou gebly het en in Israel gepreek het.*
- 5. Die seun-Jesus.*
- 6. Die ander- die nie-Jode.*

Jesus het hierdie gelykenis vertel om die die godsdienstige leiers se skyheiligheid en hulle planne om Hom dood te maak, voor almal te ontmasker.

Die Here het uiteindelik Sy eie Seun gestuur in 'n poging om ons met Sy liefde te bereik. Sy volmaakte lewe, woorde van waarheid en liefdeoffer moet ons daartoe bring om na Hom te luister en Christus as Koning van ons lewe te erken. As ons God se genade en dit wat Hy vir ons gedoen het, ignoreer, beteken dit dat ons Hom verwerp.

As Jesus praat van die klip wat deur die bouers verwerp is, verwys Hy na Homself, Hoewel Hy deur baie van Sy mense verwerp is, sou Hy nogtans die hoeksteen, die belangrikste klip van die nuwe gebou word. Hierdie gebou is simbool van sowel die koninkryk as die kerk.

Jesus haal hierdie deel(ten opsigte van die klip) uit die Ou Testament aan.(Jes.8:14 en Dan. 2:34) Hy gebruik ook hierdie beeld om te verduidelik dat verskillende mense verskillend op dieselfde klip kan reageer en dat hulle reaksies gaan afhang van hulle gesindheid daarteenoor. Die ideaal is natuurlik dat hulle daarop sal bou, maar daar is baie mense wat daarvoor sal struikel. Met die finale oordeel dal dieselfde klip God se vyande vermorsel. Christus, die klip op wie daar gebou moet word, sal uiteindelik dus ook die klip wees wat sal vermorsel. Hy bied nou aan ons vergifnis en genade, maar belowe terselfdertyd dat die oordeel later sal volg.

‘n Persoonlike toepassing van die gelykenis

Skyneiligheid, geestelike meerderwaardigheid, die minagting van God se regverdigheid, Sy goedheid en Sy genade, verspeelde kanse en die verwerping van Jesus en Sy verdienste in die genadetyd wat ons leef, is die rooiligte wat persoonlik in hierdie gedeelte begin flits. Dalk omdat dit so tipies van vandag se tyd is.

11. Elfde gelykenis: ‘n Bruilof met onwillige gaste (Mat.22:1)

Jesus het weer in gelykenisse met die mense gepraat. Hy het gesê: ” Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met ‘n koning wat vir sy seun ‘n bruilofsfees voorberei het. Hy het sy slawe uitgestuur om die genooies na die bruilof te roep, maar hulle wou nie kom nie. Toe stuur hy weer ander slawe met die opdrag: ‘ Sê vir die genooies: Die maaltyd is reg; my beeste en vetgemaakte vee is geslag, en alles is gereed. Kom na die bruilof toe ’.

Maar die genooies het hulle nie hieraan gesteur nie, en die een het na sy stuk grond en ‘n ander na sy werkplek toe gegaan. En party het sy slawe gegryp en mishandel en doodgemaak. Die koning het kwaad geword en sy leër gestuur om daardie moordenaars dood te maak en hulle stad aan die brand te steek. Toe sê hy vir sy slawe: ‘ Alles staan klaar vir die bruilofsfees, maar die genooies was dit nie werd nie. Gaan nou uit na die straathoeke en nooi soveel mense as wat julle teenkom, na die bruilofsfees toe.’ Toe het daardie slawe uitgegaan op die strate en almal wat hulle gekry het, bymekaargemaak, slegtes sowel as goeies. So het die feessaal vol gaste geword.

Toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar ‘n man wat nie bruilofsklere aan het nie, en hy sê vir hom: ‘Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder bruilofsklere aan?’. Maar die man kon niks antwoord nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: ‘ Bind sy hande en sy voete vas en gooi hom uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.’

Baie is immers geroep, maar min is uitverkies.”

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus

se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Verklaring van die gelykenis

Jesus gee nie vir ons 'n verklaring vir die gelykenis nie. Al wat Hy in hierdie verband doen is om die volgende woorde aan die einde van die gelykenis by te voeg: **baie is immers geroep, maar min is uitverkies**. Indien die gelykenis reg verstaan word sal hierdie woorde se betekenis ook reg begryp kan word.

Die konteks van die gelykenis help ons 'n bietjie met die uitleg. Die gelykenis word direk deur die gelykenis van die boere en die wingerd, voorafgegaan. Vir ons is dit gelykenis **nommer tien**.

In die vorige gelykenis was die 'wingerd', die Jode, en die 'ander persone' was die nie-Jode. In hierdie gelykenis is die genooies die Jode en die ander mense wat later genooi word die nie-Jode. Ook hier speel die godsdienstige leiers van Israel 'n rol. Die moordenaars wat die koning se boodskappers mishandel en doodmaak kan die godsdienstige leiers wees na wie hier verwys word. Dink maar aan hoeveel mense wat deur God na Sy volk toe gestuur is deur die Joodse leiers gedood is. Die lot van hierdie mense is kort en kragtig dat hulle doodgemaak sal word. Die gelykenis gaan veral oor die genooies wat nie ag gegee het op die uitnodiging om te kom feesvier nie. In Jesus se tyd is daar twee boodskappe aan feesgangers gestuur. Die eerste was 'n uitnodiging na 'n feesmaal en wanneer die feesmaal voorberei is, was die uitnodiging om dadelik te kom. Vandaar dat die vee vir die feesmaal reeds geslag was. Die Jode was by uitstek die eerste genooies na die feesmaal saam met Jesus, hulle langverwagte Messias. Hulle het Hom egter nie geag nie en hulle eie dinge bo Hom gestel. Gewoonlik is hulle

beroepsarbeid en hulle onafhanklikheid bo God gestel. So het hulle hulle eie god geword. Nadat die Jode die fees van Jesus, om saam met Hom in die hemel die feesmaal van verlossing te geniet, van die hand gewys het, het Jesus se boodskappers, sy evangeliste, die boodskap van die fees saam met die Lam van God aan ander persone as die Jode begin uitdra. Eers was dit op die straathoeke van die plek van die genooïdes. Dit kan beteken aan mense soos die Samaritane en ander nie-Jode wat tussen die Jode gebly het. Tussen hulle was daar slegte en goeie mense soos in vers 10 vermeld. Die boodskap van verlossing is egter ook wyer na ander bevolkingsgroepe uitgedra omdat, soos Jesus sê, die genooïdes nie die uitnodiging na die feesmaal werd was nie. Hier word gedink aan die woorde in die Bybel wat praat van die wilde lote wat op die mak olyfboomstam ingeënt sal word op die plek waar die natuurlike olyfboomtakke uitgekop is (Rom. 11:17).

Die man sonder die bruijofsklere kan aan die hand van Openbaring 19: 7 en 8 verklaar word:

“ Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruijof van die Lam het aangebreek, en Sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. God het haar dit vergun om fyn helderblink klere aan te trek.”

Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges.

Ons weet dat ons nie ons verlossing kan verdien deur die wet te onderhou nie. Jesus het reeds alles vir ons verlossing, ons toegang tot Sy groot feesmaal, verdien. Dit is tog interessant dat die feesklere waarsonder ‘n persoon nie in die feessaal kan bly nie, met die regverdige dade van die mens te make het. Dit mag dus wees dat alhoewel Jesus se uitnodiging vir alle mense is, daar tog ‘n toets vir die mens wat ingaan, in Jesus se feesmaal, wag. Hierdie toets sal met die regverdige dade van die begenadigde te make hê. **Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde tot goeie dade oorgaan**(Gal 5:6). Ook kan in hierdie verband die gedeelte vermeld word waar Jesus sê dat die mens wat nie sy medemens se honger, dors, vreemdelingskap,

naaktheid en eensaamheid aangespreek en tot hulp was, nie die feesmaal saam met Jesus in die hemel sal geniet nie (Mat. 25:35). Mag dit dan wees dat die genade vir almal bedoel is (baie is geroep) maar dat net die mense wat die Heilige Gees toelaat om deur die geloof in hulle liefdesvrug te dra, wel gered sal word? (uitverkies)

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Jesus nooi **vandag** mense uit na Sy feesmaal in die hemel, deur Sy evangelie helder en duidelik vir ons te laat weerklink. Dit is nog die tyd vir die nie-Jode se inkom by die feesmaal. Dit wil sê vir ons wat vandag buite die Jodedom staan. Soos daar vandag (2018) toenemend Jode in Jesus se feesmaal aansit deur hulle aanvaarding van Jesus as Messias, is dit duidelik dat die tyd, vir die wat buite is, vinnig aan die uitloop is. Verskriklik om daaraan te dink, maar daar gaan van ons, die geroepenes wees wat by die ewige feesmaal van Jesus in die feessaal sal inkom, maar nooit sal aansit by die feesmaal nie. Om die eenvoudige rede dat ons nie feesklere sal aanhê nie. Ons sal nie die kleed van goeie dae, as bevestiging van die aanvaarding van Jesus as Verlosser, aanhê nie. Die slegste woorde wat 'n mens ooit sal kan hoor is:

Gaan weg van my af. Ek ken jou nie.

Jy was 'n werker van ongeregtigheid.

Jou skurk!

12. Twaalfde gelykenis: Die tien meisies (Mat 25:1)

Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom in te gaan inwag. Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig. Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar nie ekstra olie met hulle saamgeneem nie, terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houers saamgeneem het. Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.

In die middel van die nag was daar 'n geroep: ' Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!' Toe staan al die meisies op en maak hulle lampe reg. Die onverstandiges sê toe vir die verstandiges: ' Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood.' Maar die verstandiges antwoord: ' Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liever winkel toe en koop vir julle olie.'

Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Die wat gereed was het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.

Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: ' Meneer, Meneer, maak vir ons oop!' Maar die bruidegom antwoord: ' Ek sê vir julle; Ek ken julle nie!'

Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie.

Jesus se verklaring van die gelykenis

Die laaste sin van die gelykenis(kursief) kan moontlik as 'n verklaring gesien word. Jesus roep in hierdie gedeelte, wat deel uitmaak van die profetiese rede, die mense op om gereed te wees en om hulle waaksaam voor te berei vir Sy wederkoms.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Konteks van die gelykenis

Om die gelykenis beter te kan verstaan is dit nodig om iets meer te sê oor die huweliksgebruike van Jesus se tyd.

Die verlowing was 'n belangrike gebeurtenis en is so bindend soos die huwelik self beskou. Tydens die verlowing is geskenke aan die bruid en bruid se familie gegee om die ooreenkoms te beseël. Na die verlowing het die bruidegom en sy vader teruggekeer na hulle woning toe. Nou sou die bruidegom die woonplek vir hom en sy bruid (gewoonlik 'n aanbouing by sy vader se huis) begin inrig. Wanneer hy gedink het dit is nou goed genoeg sou hy sy vader in kennis stel en sy vader sal dan besluit wanneer hy sy bruid mag gaan haal om permanent by hulle te kom woon. Dit sou gewoonlik so 'n jaar na die verlowing plaasvind maar niemand was seker van wanneer presies dit sou gebeur nie. Gewoonlik sou die bruid gereed wees en wag vir die bruidegom om haar te kom haal. Haar bruidsmeisies, ander maagde, sou saam met haar waak en wag. Die bruidegom en sy gevolg sou haar gewoonlik in die nag kom haal vir die sewedag huweliksfees by sy vader se huis. Sy koms sou aangekondig word met die verklaring: "Hier kom die bruidegom!"

Nog verklarings vir hierdie gelykenis

Tien dui op volheid. Dit is dan die volheid van die getal mense wat op Jesus se wederkoms wag.

Maagde is die rein skoongewaste mense wat hulle lewens aan Jesus oorgegee het.

Die **bruidegom** is Jesus Christus.

Die Bruid is die wat in die hemel saam met Jesus sal ingaan vir die sewejaar feesmaal tydens die groot verdrukking op die aarde.

Olie is die Heilige Gees.

Ekstra kanne vir olie is die doping en invulling met die Heilige Gees.

Lampe is die sigbaarheid van God se kinders in 'n donker sondige wêreld.

Ekstra olie is die ingevuldheid met die Heilige Gees.

Verstandige meisies is gelowiges wat moeite gedoen het om die bruijofskleed van goeie dade deur die werking van die Heilige Gees aan te trek.

Dwase meisies is die wat nie die Heilige Gees toegelaat het om hulle deur liefde te dring tot goeie dade nie.

Die koms van die bruidegom is die koms van Jesus op die wolke om Sy kinders na Hom toe te neem. Dit is die wegraping.

Die roep: **Hier kom die bruidegom** sal die basuin wees wat Jesus se wederkoms aankondig.

Vaak word dui daarop dat die meeste mense, ook Jesus se volgelinge, die gevaar loop om nie bedag te wees op Sy wederkoms nie.

Toe staan al die meisies op mag dui op die opstanding van die liggame van die afgestorwenes by Jesus se wederkoms.

Ons lampe gaan dood mag beteken dat die mense wat nie werklik geesvervuld is nie dit sal agterkom wanneer Jesus weer kom.

Om gereed te wees beteken dat die kinders van God reikhalsend voortdurend bewus is dat Jesus enige oomblik kan kom.

Bruilof dui op 'n feesmaal. Dit sal die sewe jaar wees wat die groot verdrukking op die aarde sal voortduur en God se kinders saam met Hom in die hemel sal wees.

Die deur is gesluit beteken daar gaan 'n dag kom wat genadetyd verby is soos in Noag se tyd toe God die ark se deur gesluit het.

Later beteken te laat.

Ek ken julle nie *sal die slegste woorde wees wat 'n mens ooit van Jesus kan hoor.*

'n Persoonlike toepassing van die gelykenis

Weet verseker Jesus kom weer. Alle aanduiding is dat Sy wederkoms voor die deur is. Dit is nog genadetyd en daarom uiters noodsaaklik om seker te maak dat jou lewenskannetjie vol van die Heilige Geesolie is. 'n Voortdurende gereedheid en 'n afwagtende houding is nodig vir die regte geestesingesteldheid. Daar is net een kans om hierdie lewe te benut om die lewe sinvol te maak deur die ewigheid by Jesus te verseker. 'n Mens kan net nie waag om 'n kans te waag met die ewigheid nie. Dit is so kritiek belangrik, hierdie ding van die ewigheid, dat 'n mens angstig om jou rondkyk of almal bewus is van wat besig in om te gebeur.

Is jy gereed?

13. Dertiende Gelykenis: Die verlore skaap (Mat. 18: 12)

Hoe dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle raak weg, sal hy nie die nege en negentig daar in die bergveld laat staan en die een wat weg is, gaan soek nie? En as hy hom kry, verseker Ek julle, is hy blyer oor hom as oor die nege en negentig wat nie weggeraak het nie. So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie.

Hierdie gelykenis word voorafgegaan deur die volgende wat die hele gelykenis in konteks plaas:

Mat. 18:10

Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur by my hemelse Vader is.

Verdere konteksplasing Mat. 18 : 1 tot 6 (Amplified Bible)

At that time the disciples came up and asked Jesus, Who then is really the greatest in the kingdom of heaven?

And He called a little child to Himself and put him in the midst of them, And said, Truly I say to you, unless you repent (change, turn about) and become like little children (trusting, lowly, loving, forgiving), you can never enter the kingdom of heaven (at all).

Whoever will humble himself therefore and become like this little child (trusting, lowly, loving, forgiving) is greatest in the kingdom of heaven.

And whoever receives and welcomes one little child like this for My sake and in My name, receives and accepts and welcomes Me.

But whoever causes one of these little ones who believe in and acknowledge and cleave to Me, to stumble and sin(that is who entices hom or hinders him in right conduct or thought), it would be better (more expedient and profitable or advantageous) for him to have a great milstone fastened around his nick and to be sunk in the depth of the sea.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Verdere interpretasies

Die konteks van hierdie gelykenis maak verdere verklarings oorbodig.

'n Persoonlike interpretasie

Jesus sê dat indien iemand agter Hom aan wil kom die persoon homself moet verloën, sy kruis moet opneem en Hom moet volg (Mat. 10:38).

Die mens se eerste sonde,soos satan s`n, was die sonde van selfverheffing. Satan, en die eerste mens, wou self God wees, eintlik beter as God wees. Daarom sal geen trotsaard, iemand wat baie van homself dink, in die koninkryk van God ingaan nie (2 Tim.3:2). 'n Mens sal baie laag moet buig om by die hemelpoort te kan ingaan; so laag soos 'n kameel moet buig om deur die oog van 'n naald te kan gaan. So is die redding van 'n mens een groot genade wonderwerk van God.

14. Veertiende gelykenis: Die arbeiders word dieselfde betaal (Mat. 20:1)

Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met die eienaar van 'n wingerd wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur.

Nadat hy met die arbeiders ooreengekom het om hulle die gewone dagloon te betaal, stuur hy hulle om in sy wingerd te gaan werk. Teen nege-uur gaan hy weer uit en sien ander werkloos op die mark rondstaan, en hy sê vir hulle: 'Gaan werk julle ook in my wingerd en wat billik is sal ek julle betaal.' Hulle is toe soontoe. Teen twaalfuur en teen drie-uur het hy weer uitgegaan en dieselfde gedoen. Omtrent vyfuur gaan hy uit en kry ander wat daar rondstaan, en hy sê vir hulle: 'Waarom staan julle heeldag werkloos hier rond?' Hulle antwoord hom: 'Omdat niemand ons gehuur het nie.' 'Gaan werk julle ook in my wingerd,' sê hy toe vir hulle.

Toe dit aand word, sê die eienaar van die wingerd vir sy voorman: 'Roep die arbeiders en betaal hulle hulle loon. Begin by die laastes en eindig by die eerstes.

Die wat teen vyfuur gehuur is, kom en kry elkeen die gewone dagloon. Die mense wat eerste gehuur is, het gedink hulle sal meer kry, maar toe hulle aan die beurt kom, kry hulle ook elkeen die gewone dagloon. Hulle vat toe die geld maar begin by die eienaar kla en sê: 'Hierdie laastes het net een uur gewerk, en nou betaal u hulle dieselfde loon as vir ons wat die hele dag gewerk het in die warm son.'

“Maar hy antwoord een van hulle: 'Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir die gewone dagloon nie? Vat jou geld en gaan huis toe. Ek wil vir hierdie laaste een dieselfde gee as vir jou. Mag ek dan nie met my geld maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is?'

So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste.

Jesus se verklaring vir die gelykenis

Die enigste verklaring wat Jesus vir die gelykenis gee is die laast sinnetjie:

So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Konteks van die gelykenis

Die voorafgaande gebeurtenisse werp vir ons lig op hierdie gelykenis. Dat daar 'n direkte verband is tussen wat vooraf gebeur en hierdie gelykenis is te vind in die afsluiting van die vorige gebeure wat Jesus met bykans dieselfde woorde as die gelykenis afsluit naamlik:

Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.

Dit is daarom nodig om kennis te neem van dit wat vooraf gebeur het.

'n Baie ryk jongman kom na Jesus toe en vra Hom wat hy moet doen indien hy die ewige lewe wil ingaan (Mat. 19:16).

Vir hierdie jongman gaan dit daaroor om die ewige lewe te kan verdien met goeie dade. Jesus antwoord hom in die konteks wat hy die vraag vra en sê dat hy die wet moet onderhou. In sy arrogansie dink die jongman dat hy al die wette sedert sy jeug onderhou het. Om die jongman 'n bietjie dieper perspektief te gee op sy sondige lewe herinner Jesus hom indirek daaraan dat hy die eerste gebod reeds oortree wanneer hy sy rykdom bo God stel en onwillig is om God bo

sy rykdom lief te hê. Die dissipels is erg geskok toe Jesus kommentaar lewer en sê dat dit baie moeilik vir rykes sal wees om in God se koninkryk in te gaan. Alleen die mense wat God onvoorwaardelik bo alles stel sal geskik wees vir God se koninkryk. Dan volg die betekenisvolle woorde: Maar baie wat eerste is (die wat op aarde ryk is) sal laaste wees,(sal so laat wees dat hulle die koninkryk sal misloop soos die dwase meisies in die vorige gelykenis) en baie wat laaste is (min op hierdie aarde besit) eerste (eerste in God se koninkryk ingaan). Jesus lê in hierdie gedeelte ook klem op die dwaasheid daarvan om jou toegang tot die hemel met werke te probeer verdien.

Verklaring van die gelykenis van die werkers in die wingerd

Die eienaar is God, die Eienaar van alles.

Die arbeiders is ons die mense wat op die aarde werk.

Die wingerd is ons daaglikse arbeid en die arbeid in God se koninkryk wanneer ons tot bekering gekom het en vir God diensbaar raak.

Vroeg in die môre dui op die mense wat lank leef en ruim tyd het om vir God te werk, Dit kan ook dui op mense wat vroeg in hulle lewe tot bekering gekom het.

Die verskillende tye wat die mense in diens geneem is mag dui op die verskil in die lewensspan van verskillende mense sowel as die tyd wat die gelowige vir God op hierdie aarde kon werk.

Die werkloses dui op sinlose aktiwiteite nie in diens van God nie.

Die afsluiting van die werkdag dui op die voleinding van die mens se lewe en op die finale oordeel wanneer die gelowiges vir hulle werk op die aarde beloon sal word.

Die klagtes van die wat die hele dag gewerk het mag dui op die gelowiges wat vir 'n hele leeftyd vir God se koninkryk op aarde gewerk het in teenstelling met die mense wat later en

sels op hulle sterfbeddens tot inkeer gekom het. Dink maar aan die moordenaar langs Jesus se kruis wie letterlik minute voor sy dood gered is.

Jesus sê dat hy niemand onreg aandoen wanneer beide die groepe genoem dieselfde loon, die ewige lewe ontvang nie.

Mense word beloon met die ewige lewe omdat hulle deur God begenadig is en nie omdat hulle hulle loon verdien het nie.

Daarom sal daar mense wees wat laaste is of kort voor hulle dood tot bekering gekom het en eintlik baie min verdienste gehad het en mense wat 'n leeftyd lank verdienste in God se werk gehad het, wat beide dieselfde loon, die ewige lewe sal ontvang.

Jesus vra in die gelykenis: *Mag Ek dan nie met My geld (Genade en Vergifnis) doen wat Ek wil nie.*

Die laaste is die mens wat min verdienste het en die eerstes is die mens wat baie verdienste het, Die mens se redding hang af van wat Jesus gedoen het en nie wat die mens vir sy redding gedoen het nie.

Persoonlike interpretasie

Ons weet nie hoeveel tyd ons het om in God se koninkrykwingerd te werk nie. Sommige mense se rûe is stywer as ander mense sin. Daarom weet God is Sy alwysheid hoeveel tyd nodig sal wees om 'n mens te leer om te buig en homself te verloën. Wat 'n wonderlike wete dat ek nie gered word vanweë my eie inspanning en harde werk nie. Heerlik om te weet dat Jesus alles wat nodig is om gedoen te word vir my redding, reeds gedoen het. Alles wat ons nou nog doen is net *Geloof wat deur liefde tot daad oorgaan (Gal. 5:6).*

15. Vyftiende Gelykenis: ‘n Huis wat op die rots gebou is (Mt.7:24).

Jesus begin hierdie gelykenis met ‘n verklaring voordat hy die gelykenis begin vertel. Later verklaar hy die res van die gelykenis ook (swartgedrukte dele). Die gelykenis begin so:

Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word ‘n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. Die stortreën het geval en die vloedwaters het afgekom, winde het gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots. En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met ‘n dwaas wat sy huis op die sand gebou het. Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Konteks van die gelykenis

Hierdie gelykenis is deel van die bergpredikasie waarin Jesus verskillende sake aanspreek. Die gelykenis word afgesluit met die volgende woorde;

Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor Sy onderrig, want Hy het hulle geleer soos ‘n man met gesag en nie soos die skrifgeleerdes nie.

Verdere verklarende opmerkings

Hierdie gelykenis gaan oor: **Die wat Jesus se woorde hoor en daarvolgens optree en die wat Jesus se woorde hoor en nie daarvolgens optree nie.** Jesus se woorde staan dus sentraal in hierdie gelykenis. Die vraag ontstaan nou oor wat met **Jesus se woorde** bedoel word.

Jesus verwys hier na sy pasvoltooide preek, met ander woorde die Bergpredikasie.

Sonder om in besonderhede in te gaan is dit nodig om die leser aan die hoofmomente van hierdie preek van preke te herinner:

Mat.5 tot 7.

- 1. Wie almal geseëndes is.*
- 2. Hoe die mens sout vir die aarde en lig vir die wêreld is.*
- 3. Jesus het die wet kom vervul.*
- 4. Vrede met jou broer voordat jy kan bid.*
- 5. Die uitgebreide betekenis van kuisheid en om 'n vrou te begeer.*
- 6. Egskeiding is nie toelaatbaar nie.*
- 7. Moenie 'n eed aflê nie*
- 8. Moenie jou op ander wreek nie.*
- 9. Jy moet jou vyand liefhê.*
- 10. Moenie goeddoen om deur mense geëer te word nie.*
- 11. Hoe om te bid en die belangrikheid om ander te vergewe.*
- 12. Hoe om te vas*
- 13. Moenie vir julle skatte op die aarde bymekaarmaak nie.*
- 14. Die lamp van die liggaam is die oog.*
- 15. Kies God of Mammon.*
- 16. Moet jou nie bekommer nie.*

17. *Moenie oor ander oordeel nie.*

18. *Die belangrikheid van hoor en doen.*

19. *Die huidige gelykenis: Die twee fundamente*

‘n Persoonlike interpretasie van die gelykenis

By die deurlees van die Bergpredikasie kom ‘n mens onder die indruk dat dit nie vir ‘n mens moontlik is om volgens God se woord te handel nie. Dit is asof die doel van die Tien Gebooie, naamlik om die mens van sy verlore toestand te oortuig, weer op ‘n ander manier aan die mens voorgehou word. Die Bergpredikasie word gelewer aan die begin van Jesus se bediening kort nadat hy gedoop en vir 40 dae in die woestyn versoek is. Die mense vir wie Jesus preek in die Bergpredikasie weet dus maar min van die Evangelie af. Hulle kom uit ‘n wetsbedeling waar jy jou redding verdien deur self die goeie te doen. Die Bergpredikasie as uitbreiding en openbaring van wat God se wet regtig behels, openbaar die totale onvermoë van die mens om deur goed te doen die hemel te verdien. Dit is asof Jesus eers sy hoorders wil moedeloos maak voordat Hy Homself as oplossing vir hulle dilemma aanbied.

Goddank Jesus, Seun van God, dat U alles vir my redding gedoen het, toe U as offer vir my sondes, op Golgota leeggebloe het, en U bloed my skuldbrief, onder aan U voete vasgespyker, toegedek het. Dankie dat U Gees in my, my dring om in liefde, U liefde vir my teenoor U en my medemens uit te leef.

16 en 17. Sestiende en sewentiende gelykenis: ‘n Nuwe lap op ou klere- Nuwe wyn in ou leersakke (Mat. 9:16 en Mat. 9:17)

Eers word die konteks van die gelykenisse gegee wat dan ook eintlik die verklaring is wat Jesus vir die gelykenis wat sou volg, gee.

In die tyd het die volgelinge van Johannes na Jesus toe gekom en gevra: “Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels maar U dissipels vas glad nie?”

Jesus antwoord hulle: “Kan die bruilofsgaste treur solank die bruidegom nog by hulle is? Maar daar kom ‘n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word, en dan sal hulle vas.

Dan volg die gelykenis:

Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie, want die nuwe lap skreur die klere nog verder en die gat word net groter.

en

‘n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou velsakke nie. As jy dit doen bars die sakke, die wyn loop uit en die sakke is daarmee heen. Nee, ‘n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en so behou jy altwee.”

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis

genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Aanvullende verklaring vir die gelykenis

Moenie dat die bonkige aard van die gelykenis jou mislei nie. Alhoewel dit 'n baie kort gelykenis is, vier en twintig woorde, bevat dit waarhede met 'n geweldige implikasie. Kom ons kyk in meer besonderhede na die gelykenis en kyk of ons dit beter kan verstaan:

Twee objekte word in die twee gelykenisse teenoor mekaar gestel; die nuwe stuk materiaal wat op 'n gat in ou klere gelap word en nuwe wyn wat in ou leersakke gegooi word.

Die nuwe stuk materiaal en die nuwe wyn verteenwoordig dieselfde dinge naamlik:

Die nuwe verbond

Genade

Die nuwe mens

Die leiding van die Heilige Gees.

Dit is alles dinge wat die nuwe verteenwoordig.

Hierteenoor staan die ou klere en die ou wysak, wat weer die volgende verteenwoordig:

Die Ou verbond

Die wet

Die ou mens

Die verdienstegodsdiens

Soos 'n mens nie ou klere met ongekrumpte nuwe materiaal moet lap nie aangesien die gat net groter sal word en die materiaal sal skeur is dit met die ou verbond en nuwe verbond. Die ou verbond is die van die wet, wetsonderhouding, selfdoen en die straf op die nie doen van die wet. Wanneer die nuwe verbond van genade, die nuutgemaakte mens en die leiding van die Helige Gees op die ou verbond vasgewerk word deur dogmatiese stekies, teologiese versierings gaan dit nie werk nie. Die gat in die ou verbond, dit wat nie gewerk het nie, sal nie met die aanlap van die genadeverbond herstel word nie. Daarom kan dit nie werk wanneer die wet gelees word en die genade dan daarop vasgelap word nie. Die hele saamgeflansde stuk teologie gaan nie werk nie en soos die gelykenis sê gaan die gat in die ou stuk klere, die gebreke van die ou verbond net groter word. Daarom is daar vandag soveel geestelik dooie kerke in die wêreld. Jy kan ook nie nuwe wyn, simbolies van die bloed van Jesus, in die ou stukkende wynsak van die ou verbond probeer gooi en dink dat die saamgeflansde godsdiens sal werk nie, al probeer jy hoeveel kunsmatige gom soos dogma, tradisie en teologiese beredenerings, om die plan te laat werk. Soos Jesus sê, die sak gaan skeur en die nuwe wyn, van Jesus se verdienste, sal uit die sak loop. Alles het met Jesus se evangelie nuut geword en daarom gooi 'n mens nuwe wyn, Jesus se Evangelie, in nuwe wynsakke, in ons, die nuwe mense, in Christus.

Persoonlike interpretasie

Deur genade is ons gered (Efes. 2:5 en 8).

18. Agtiende gelykenis : Saad groei vanself (Markus 4:26)

Verder het Hy gesê: “ Met die koninkryk van God gaan dit so: Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei – hoe weet hy self nie. Vanself bring die aarde die graan voort, eers ‘n halm, dan ‘n aar, dan die volkoringaar . En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is.

Jesus gee nie ‘n verklaring vir hierdie gelykenis nie.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Konteks van die gelykenis

Die gelykenis word voorafgegaan deur die woorde:

Wie het, vir hom sal nog meer gegee word; en wie nie het nie, van hom sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word (Mark.4:25)>

Daar is dus ‘n aanduiding dat die hoeveelheid vrug wat die saad dra bepalend sal wees vir die loon wat gegee sal word.

Moontlike verklaring vir die gelykenis

Iemand wat saai, is gelowiges en predikers wat die evangelie van Jesus verkondig.

Die saad wat op die land gesaai word, is die Evangeliewoord.

Gaan slaap en staan op, dui daarop dat daar 'n tydsverloop is van wanneer die die saai die woord gesaai het totdat dit ontkiem en opkom.

Ontkiem en groei, dui daarop dat die Evangeliewoord gehoor, oordink, en toegepas word totdat dit lewe binne die hoorder bewerkstellig.

Hoe weet hyself nie, beteken dat die ontkieming van die evangelie in 'n persoon se lewe en die groei daarvan tot geestelike vrug, 'n misterieuse gebeure is, wat **deur God se werking in 'n mens se lewe plaasvind**.

Vanself bring die aarde die graan voort, dui op die gelykenis van die verskillende tipes grond waarin die saad val. Die grondtipe bepaal hoe die opbrengs sal wees; die padgrond geen oes nie en die goeie grond 'n groot oes (Mat. 13:1).

Eers 'n halm, dan 'n aar en dan die vol koringaar, beteken dat die mens se geestelike groei tot geestelike volwassenheid, geleidelik plaasvind.

Wanneer die graan ryp is, beteken dat daar 'n tyd gaan kom dat God van jou 'n geestelike oes gaan verwag.

Steek hy dadelik die sekel in, dui op die einde van jou tyd op die aarde. Dit is wanneer jou tyd om te groei en vrug te dra verby is en dat die tyd vir die doodsengel daar is.

Persoonlike toepassing

Daar is baie dinge in die geestelike wêreld wat 'n mens nie verstaan nie maar die mens se redding hang nie van die mens se vermoë om te verstaan, af nie. Selfs die eenvoudigste mens is in staat om die evangelieboodskap te verstaan. Die mens word gered deur 'n kinderlike geloof in Jesus se evangelie en aanvaarding van wat Jesus vir jou gedoen het. Die Heilige Gees is die een wat die evangeliewoord soos 'n saadkorreltjie in 'n mens se lewe laat groei. Dit is egter die

mens se verantwoordelikheid om, soos in Gal.5 uiteengesit, die Heilige Gees toe te laat om jou te lei, te beheer, te bestuur en in en deur jou, vrug te dra.

19. Negentiende Gelykenis: Die barmhartige Samaritaan (Lukas 10:30)

Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: “ Toe ‘n man eenmaal op pad was van Jerusalem na Jericho toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan tot dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. Dit gebeur toe dat daar ‘n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. Net so het daar ook ‘n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby. Maar ‘n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na ‘n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: ‘ Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.’

Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?”

Die wetgeleerde antwoord: “ Die man wat medelye aan hom bewys het.”

Toe sê Jesus vir hom: “ Gaan maak jy ook so.”

Jesus verklaar die gelykenis

Die gelykenis word deur Jesus vertel as antwoord op die vraag van die wetgeleerde oor wie nou eintlik sy naaste is.

Op die oog af lyk dit na ‘n eenvoudige storietjie met ‘n maklike uitleg soos die wetgeleerde Jesus geantwoord het. Jesus aanvaar sy antwoord sonder om hom te korrigeer. Indien mooi na die antwoord van die wetgeleerde en die vraag van Jesus gekyk word is dit duidelik dat die wetgeleerde, en so ook die meeste van die lesers van die gelykenis, gladnie die vraag verstaan het nie. Die vraag van Jesus was:

“Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het”.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

‘n Moontlike verklaring van die gelykenis

Die wetgeleerde en die Fariseër verteenwoordig die kerkmense van Jesus se tyd. Die Samaritaan, die veragte baster met wie die Jode nie meng nie, verteenwoordig die mense wat nou nie regtig so geestelik in die oë van die kerkmense voorkom nie. Die slagoffer verteenwoordig die hulpeloses, die hulpbehoewenes wat op die kerkmense, en die nie so geestelike mens, se pad kom.

Dit kom voor of die verhaal oor die optrede van die wetgeleerde, die Fariseër en die Samaritaan gaan. Indien na die vraag van Jesus gekyk word blyk dit dat die slagoffer die middelpunt van die verhaal is. Jesus vra uitdruklik: Wie is die naaste van die persoon wat onder die rowers verval het. Wie is die slagoffer se naaste? Nie wie is die ander drie se naaste nie.

Die persoon wat die vraag oor 'wie is my naaste' aan Jesus gevra het, antwoord toevallig reg, maar nie om die regte rede nie. Ook hy het die vraag verkeerd verstaan en het gedink dat die Samaritaan die middelpunt van die verhaal is.

Die dieper betekenis van hierdie verhaal word weggesteek in die hulpeloosheid van die slagoffer. Dit is die man wat halfdood langs die pad lê en homself nie kan help nie. Toe hierdie man in hierdie posisie van afhanklikheid geplaas is, het hy geleer wat dit beteken om 'n naaste

te hê wat vir hom omgee. So kom ons ook langs die lewenspad in situasies waar ons op die hulp van ander mense aangewese is. Ons onafhanklikheid, ons trots en selfgenoegsaamheid moet soms geknak word om ons diep afhanklik van God en ander mense te maak. So leer ons die ware liefde ken en word ons toegerus om ook ander jammer te kry en ook vir ander hulpbehoewenes 'n naaste te word.

Persoonlike toepassing

Jy sal seker ook seker, soos ek, baie helder kan onthou toe ander vir jou 'n naaste geword het, toe jy diep afhanklik, in nood en gestroop van jou self en jou eie voorsiening, hulp van ander verwelkom het. Ook so, het ek en jy geleer wie ons naastes is in die ontdekking van 'n onwaarskynlike hulpverlener wat omgee het.

20. Twintigste Gelykenis: Die wakker en betroubare slaaf (Lukas 12: 35)

“Wees gereed, die heupe omgord en die lampe aan die brand! Julle moet wees soos mense wat vir hulle eienaar wag tot hy van die bruilof af terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop. Gelukkig die slawe vir wie die eienaar by sy koms wakker sal aantref. Dit verseker ek julle: Hy sal hulle aan die tafel laat sit, self ‘n voorskoot aansit en hulle kom bedien. Gelukkig is die slawe wat hy wakker aantref, selfs al sou hy eers om middernag of hanekraai kom. Maar dit moet julle weet: as die huiseienaar geweet het hoe laat die dief kom, sou hy hom nie in sy huis laat inbreek het nie. Ook julle moet gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n tyd wanneer julle Hom nie verwag nie.

Jesus antwoord vrae oor die gelykenis

Toe vra Petrus: *Here is hierdie gelykenis net vir ons bedoel of vir almal?*

En die Here antwoord: *Wie is eintlik die getroue en verstandige bestuurder vir wie die eienaar oor sy ander slawe sal aanstel om vir hulle kos te gee? Dit is die man vir wie sy eienaar, by sy tuiskoms so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy! Ek sê vir julle die waarheid: Sy eienaar sal hom aanstel oor alles wat hy besit.*

Maar as die slaaf by homself sê: ‘ My eienaar draai om te kom, ‘ en hy die slawe, mans en vroue, begin slaan terwyl hy self eet en drink en dronk word, sal die eienaar van die slaaf kom op ‘n dag wat hy dit nie verwag nie, en op ‘n uur wat hy nie vooraf weet nie. Dan sal sy eienaar hom laat doodmaak, en hom die lot van die ontroues laat deel.

Die slaaf wat geweet het wat sy eienaar wil hê, maar wat nie gereed gemaak het of volgens die wil van sy eienaar gehandel het nie, sal ‘n swaar straf kry. Maar hy wat nie geweet het nie en dinge gedoen het wat straf verdien, sal ‘n ligte straf kry. Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Konteks van die gelykenis

'n Identiese gelykenis met minder detail word in Mat.24: 45 verhaal. In hierdie geval is dit deel van die *Profetiese Rede* wat Jesus kort voor Sy kruisiging gelewer het. Dit staan daar opgeteken tussen *die onsekerheid oor die dag en uur van Jesus se wederkoms* en *die gelykenis van die Tien Meisies*.

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Jesus kom om ons te kom haal. Wanneer weet ons nie. Dit kan enige oomblik wees want as ons sterf is ons tyd op die aarde verby. Laat ons daarom die tyd uitkoop, gereed maak vir sy koms, en ons oë op die wolke hou.

21. Een en twintigste Gelykenis: Bruilofsgaste wat sommer voor gaan sit (

Lukas 14:7)

Toe Jesus merk hoe hulle die voorste plekke aan die tafel uitsoek, vertel Hy aan die genooïdes die volgende gelykenis:

*“ As iemand jou na ‘n bruilof toe uitnooi, moet jy nie sommer op die voorste plek gaan sit nie. Dit kan net wees dat die gasheer iemand uitgenooi het wat belangriker is as jy. Dan sal hy wat julle albei uitgenooi het, na jou toe kom en sê: ‘ Gee bietjie die plek af vir hierdie man’. Jy sal dan tot jou skande die agterste plek moet gaan inneem. Maar as jy uitgenooi is, gaan sit liewer op die agterste plek. Wanneer die gasheer kom, sal hy vir jou kan sê: ‘ Vriend, kom sit hier voor. ‘ Dan sal jy in die agting van al die gaste styg. **Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word en elkeen wat nederig is, sal verhoog word.***

Jesus se verklaring van die gelykenis

*Die gelykenis is helder en duidelik en Jesus verklaar die gelykenis en gee dan nog ‘n waarskuwing by die verklaring. Dit gaan hier dan oor hoogmoed.(**Donkerdruk**)*

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Verdere interpretasies

Die eerste sonde was die van satan wat in selfverheffing en meerderwaardigheid gedink het dat hy self God kan wees. Vanweë sy hoogmoed en die feit dat hy sy eie god wou wees, is hy uit die hemel uit gegooi.

Nie lank hierna nie het satan Eva oortuig dat sy in selfverheffing soos God kan wees deur alles te ken indien sy bereid is om aan God ongehoorsaam te wees. Die sondeval van die mens was dus as gevolg van die aanbidding van 'n afgod, naamlik die mens self. So het die mens se selfverheffing en gebrek aan beskeidenheid telkemale tot sy val aanleiding gegee. God alleen is God en Hy deel Sy Goddelikheid met niemand nie. Vandag is dit veral opmerklik hoe die mens homself verafgod vanweë sy eie tegnologiese prestasies. God is dieselfde en deel nie Sy eer met 'n mens nie. Daarom is hierdie gelykenis vir veral vandag geskryf vir die mense wat dink dat hulle, soos satan se leuen destyds aan Eva, self God kan word deur alles te ken. Met een uitspraak uit God se mond kan die hele rekenaarnetwerk en internetverbindings uitgewis wees. Waar sal die mens se grootheid dan wees?

God plaas hoë waarde op nederigheid en ons sal altyd veilig wees wanneer ons Jesus gehoorsaam en ons onself verloën en die kruis van nederigheid elke dag dra.

Persoonlike interpretasie

Here help my om nooit te besef dat ek nederig is nie, want daarin is my grootste selfverheffing en gebrek aan nederigheid. Maak my altyd bewus van my selfverheffing en gebrek aan nederigheid.

22. Twee en twintigste Gelykenis: Die verlore seun (Lukas 15:11).

Verder het Jesus gesê: “ Daar was ‘n man wat twee seuns gehad het. Die jongste het vir sy pa gesê: ‘ Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.’ Hy het toe die goed tussen hulle verdeel.

Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na ‘n verland toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe. Nadat hy alles deurgebring het, het daar ‘n kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin gebrek ly. Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan bly, en die het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas. Daar het hy gewens hy kan sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het hom daarvan gegee nie.

Toe kom hy tot inkeer en sê: ‘ My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger. Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.’ En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan.

Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. Toe sê die seun vir hom: ‘ Pa ek het teen God en teen Pa gesondig . Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.’ Maar sy pa roep sy werksmense: ‘ Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; en sit vir hom ‘n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan ! En bring die vetgemaakte kalf, slag hom en laat ons eet en feesvier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.’ Toe het hulle begin feesvier.

Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy die musiek en die singery. Hy roep toe een van die bediendes nader en vra hom wat aan die gang is. Die

bediende antwoord: 'U broer het gekom en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond teruggekry het.'

Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; maar hy antwoord sy pa: ' Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en Pa het nog nooit eers vir my 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!'

"Toe sê die pa vir hom: Kind, jy is altyd by Pa, en alles wat Pa het, is ook joune. Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore en ons het hom teruggekry."

Verklaring van die gelykenis deur Jesus

Jesus gee in die Lukasevangelie nie 'n verklaring vir hierdie gelykenis nie. Dit is egte uit die konteks van die gelykenis moontlik om sekere afleidings te maak ten opsigte van die verklaring daarvan.

Hierdie gelykenis word voorafgegaan deur die gelykenisse van die verlore skaap en verlore muntstuk. Die belangrikheid van verlore gaande siele vir God se koninkryk word dus beklemtoon. Ook in hierdie gelykenis is daar sprake van iemand wat verlore raak en weer gevind word.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let

veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Verdere verklaring van die gelykenis

Hierdie is een van die langste gelykenisse wat Jesus vertel het. Dit moet dus besondere betekenis hê. Dit is dan ook moontlik om verskillende interpretasies van die gelykenis te gee. Moontlik is die ooglopendste dit wat ook met die konteks van die gelykenis aangedui word, naamlik die belangrikheid van 'n menslike siel vir God. Te alle koste moet die verlore gaande siele gered word. Kom ons ontleed die gelykenis verder en kyk na nog betekenis in hierdie pragtige storie.

Die vader, is 'n beeld van God

Die twee seuns, kan dui op die twee groot groepe kinders van God deur die eeue; die Jode, Sy uitverkore volk en die heidene.

Die **jongste seun**, wat wegbreek uit die vaderhuis is die baie mense wat nie deel was van die Joodse volk nie.

Die **oudste seun**, kan die Jode voorstel

Die **losbandige lewe** van die jongste seun dui op die losbandige lewe van die mense wie nie vir God wou aanbid en eer nie. Hulle het hulle eie afgode gaan soek in genot en plesier.

Die **hongersnood** wat gekom het mag dui op die leë lewe van die mens wat God nie ken nie. Uiteindelik word die heiden onvergenoegd met die varkhokbestaan weg van God af en raak hulle honger vir dit wat slegs by Vader God te vinde is.

Die **terugkeer na die vaderhuis**, dui op die bekering en inkom van die heidene wat in vandag se dae grootliks in vervulling gaan.

Die **belydenis** van die jonger seun dui op die bekering van die heidennasies.

Die **terugkom van die jonger seun** is gebaseer op sy geloof dat sy vader liefdevol is en dat sy vader hom genadig sal wees. Hy het niks gehad om aan te bied as verdienste nie. So kom die gelowiges vandag nog in God se koninkryk in; sonder enige werke van verdienste, net met 'n jammer hart soekende na genade.

Die **Vader se liefde en genade** en oorvloedige vergifnis is 'n aanduiding van die karakter van ons God en Vader.

Die **vetgemaakte kalf**, is die hoogtepunt van die verwelkoming en die feesmaal. 'n Kalf se vleis is sag en sappig. Wanneer die kalf gevoer word is sy vleis primagehalte. Die vetdeurtrekte vleis dra verder tot die gehalte by. Die kalf is lank reeds vooraf voorberei om die hoofdis van die groot feesmaal te wees. In 'n sekere sin is Jesus die hoogtepunt van die feesmaal in die hemel wanneer Sy kinders saam met Hom feesvier. Soos ons sy vlees eet tydens nagmaal as herdenking aan wat Hy vir ons redding gedoen het.

Die **oudste seun**, is die Jode. Hulle hou soos die oudste seun nie van die genade van die vader vir die jongste seun, die heidene nie. Hulle glo nie in die genade van Jesus as die Messias nie en verwerp Hom as Messias. Hulle wil daarom ook nie deel wees van die blydskap oor heidene wat verlos en gered word nie. Hulle meriete is vir hulle in wat hulle doen soos die oudste seun vir sy **pa gesê het dat hy al jare vir die pa werk**.

Die **verlore toestand van die oudste seun**, wie eintlik die verlore seun is, blyk uit sy verwyttende opmerking dat die vader nie vir hom en sy vriende 'n bokkie toelaat om mee fees te vier nie. Hieruit blyk dit dat sy vader en die feesmaal saam met die vader nie vir hom veel beteken nie. Sy vriende is vir hom meer werd as sy vader. Geen liefde word ook vir die broer openbaar nie. Die Jode is dan ook nie eintlik bekommerd oor 'n verlore gaande wêreld nie.

‘n Persoonlike interpretasie

‘n Mens kan so maklik arrogant in sy eie groothedswaan word. So kan jou eie verlore toestand maklik in geestelike meerderwaardigheid verbloem word wanneer jy die minder geestelike persoon veroordeel en afskryf.

Dikwels tree ons soos die oudste seun in liefdelose selfsug op.

Soms kom die wettiese verdienstegodsdiens van die oudste seun ook by ons voor.

Alleen deur genade word ons gered.(Efes. 2:5 en 8).

23. Drie en twintigste gelykenis: Die oneerlike bestuurder (Lukas 16:1)

Aangesien die moeilikverklaarbare gelykenis duideliker in die *Amplified Bible* weergegee word sal hulle teks hier aangehaal word.

Also Jesus said to the disciples, There was a certain rich man who had a manager of his estate, and accusations (against this man) were brought to him, that he was squandering his (master`s) possessions.

And he called him and said to him, What is this that I hear about you? Turn in the account of your management (of my affairs) for you can be (my) manager no longer.

And the manager of the estate said to himself, What shall I do, seeing that my master is taking the management away from me? I am not able to dig and I am ashamed to beg.

I have come to know what I will do, so that they (my master`s debtors) may accept and welcome me into their houses when I am put out of the management.

So he summoned his master`s debtors one by one, and he said to the first, How much do you owe my master?

He said, A hundred measures of oil. And he said to him, Take back your written acknowledgement of obligation and sit down quickly and write fifty.

After that he said to another, And how much do you owe? He said a hundred measures of wheat. He said to him, Take back your written acknowledgement of obligation and write eighty.

And his master praised the dishonest (unjust) manager for acting shrewdly and prudently; for the sons of this age are shrewder and more prudent and wiser in (relation to) their own generation (to their own age and kind) than are the sons of light.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Verklaring van die gelykenis

Aangesien hierdie gelykenis een van die is wat die moeilikste uitgelê kan word, is daar verskillende uitlegte. *Die Bybel in Praktyk p.1557* gee vier moontlike verklarings:

- 1. Moenie die middele tot jou beskikking onverstandig gebruik nie want hulle behoort nie aan jou nie, maar aan God.*
- 2. Geld kan vir goeie of slegte dinge gebruik word; gebruik dus jou geld vir goeie dinge.*
- 3. Geld is 'n magtige middel wat met versigtigheid en insig gebruik moet word.*
- 4. Ons moet ons materiële middele so aanwend sodat dit in die lewe wat hierna kom, tot ons voordeel sal wees.*

Omdat daar 'n legio maniere is om na hierdie gelykenis te kyk is dit uiters belangrik dat jy die Heilige Gees moet toelaat, om dit wat Jesus vir jou wil sê deur die gelykenis, helder en duidelik aan jou te openbaar. Hier sal die *tussenpose* veral belangrik wees.

'n Persoonlike interpretasie van die gelykenis.

Die gelykenis tot by vers 8, soos dit deur die *Amplified Bible* weergegee is, is 'n beskrywing van 'n ongelowige ryk man. Sy bestuurder wat oneerlik was met die boeke van die besigheid, was ook ongered, 'n wêreldling. Ons het hier 'n weergawe van besigheid soos dit in die wêreld

gedoen word, sonder in agneming van wat God van 'n mens verwag. Daarom kon die ryk eienaar eintlik lekkerkry dat die skelm bestuurder so 'n oulike plan uitgedink het om homself uit die moeilikheid te kry en het hy hom daarvoor geprys.

Na die skrywer se mening kom die probleem met die verklaring van die gelykenis in *vers 9 van Lukas 16*. Indien een enkele woord anders vertaal word is daar geen probleem om die gelykenis te verstaan nie. Die woord waarna verwys word is ewige of everlasting, perpetual (**wonings, habitations, dwellings**).

In die oorspronklike Grieks word hierdie woord as **aionios** weergegee. Volgens die "Strong's Hebrew and Greek Dictionary" beteken dit **perpetual**. Dit kan vir die verlede tyd of die verlede en toekomstige tyd gebruik word. So kan **perpetual** dan **beteken dat die inwoning in die toekoms sal voortgaan**.

Wonings, habitations en dwellings is in Grieks **oikos** wat kan beteken dwelling, home, house en temple.

In vers 9, ons probleemvers, word habitations of wonings uit die Griekse **skene** vertaal as **tent, hut, habitation of tabernakel**. Die **woning** van vers 4 en vers 9 kan dus dieselfde beteken.

Samevattend wil dit dus voorkom of die verwysing in vers 4: **Maar wag, nou weet ek wat ek sal doen sodat daar mense sal wees wat my in hulle huise sal ontvang as ek uit die bestuurderskap ontslaan is (Alles toekomstige tyd en vir solank as wat hy lewe, dus vir hom altyd, ewig) en vers 9: **En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike Mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang**, op dieselfde ding in die toekoms dui, naamlik 'n **sekuriteit van verblyf** nadat die skelmstuk voltooi is. Na die skrywer se mening is daar 'n verkeerde vertaling van die gedeelte gemaak omdat die uitleg van die gedeelte die vertaling in hierdie rigting geforseer het. Dit is dan ook foutief om die **ek** in vers 9 met 'n hoofletter te skryf. Na die skrywer se mening**

is die **ek** hier nie Jesus wat praat nie maar nog steeds die ryk man wat sy mening ten opsigte van die skandelige gedrag van sy bestuurder uitspreek. **Dit is tog ondenkbaar dat Jesus vir ons sal sê om die oneerlike Mammon te gebruik om mense te beïnvloed om ons in die hemel te ontvang.** Die verkeerde vertaling van **ewig** in hierdie gedeelte verwring die hele gelykenis. Die vertaling van ‘n **versekerde blyplek in die toekoms**, sou die hele uitleg van die gelykenis eenvoudig in plek laat val het.

Na die skrywer se mening kom Jesus eers in vers 10 aan die woord en alles wat hierna gesê word kan sonder enige probleem binne die konteks van wie en wat Jesus is, verstaan word.

So sal daar nog lank oor hierdie interessante gedeelte gedink word.

24. Vier en twintigste Gelykenis: Slawe het pligte (Lukas 17:7)

“Sê nou een van julle het ‘n slaaf wat ploeg of vee oppas. Sal hy vir die slaaf sê as hy van die veld af inkom: ‘Kom eet eers gou?’ Natuurlik nie! Maar hy sal vir hom sê: ‘Maak vir my iets klaar vir aandete. Sit dan jou voorskoot aan kom bedien my terwyl ek eet en drink. Daarna kan jy self eet en drink.’ ‘n Slaaf wat sy opdragte uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe? So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.”

Jesus se verklaring van die gelykenis

Die donkergedrukte deel van die voorafgaande gelykenis, kan as Jesus se verklaring vir die gelykenis beskou word.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Verdere verklaring van die gelykenis

Die konteks van hierdie gelykenis is die uitsprake van Jesus in Lukas 17. Hy begin die gedeelte met uitsprake oor die verskriklike lot wat wag vir die mens wat die oorsaak is dat ander struikel. Soms word hierdie gedeelte gebruik om na kinders te verwys as gepraat word die kleintjies. Dit mag egter ook volgens ander vertalings dui op” *The lowly in rank and influence.*”

Dan spreek Jesus Hom uit oor vergifnis. Opmerklik is die persoon aan wie vergifnis gegee moet word. Hulle word hier aangedui as Broers, met ander woorde medegelowiges. Daar is egter 'n vereiste vir die broer se vergifnis en dit is dat hy moet vra vir vergifnis en moet aandui dat hy jammer is oor wat hy gedoen het.

Die dissipels is so aangegryp deur hierdie opdrag dat hulle uitroep dat Jesus vir hulle meer geloof moet gee. Waarop Jesus antwoord dat indien hulle hoegenaamd geloof gehad het, enigiets vir hulle moontlik sou wees.

Dan volg ons gelykenis.

Dit wil voorkom of die konteks ons nie veel help met die verklaring van die gelykenis nie.

Die vraag ontstaan of hierdie hoegenaamd 'n gelykenis is en of Jesus nie maar net Sy dissipels geleer het dat hulle dienaars is nie?

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Jesus is die perfekte voorbeeld van 'n dienaar terwyl Hy die Here God is. Daarom moet ons na Sy voorbeeld dien al is ons van die slawebande van die sonde verlos. Ons dien dan omdat ons liefhet en nie omdat ons moet nie.

25. Vyf en twintigste gelykenis: Die weduwee en die regter. (Lukas 18: 2)

“In ‘n sekere stad was daar ‘n regter wat geen eerbied vir God of agting vir ‘n mens gehad het nie. En in dieselfde stad het ‘n weduwee gewoon wat hom herhaaldelik kom vra het: ‘ Doen aan my reg in my saak teen my teenparty.’ ‘n Tyd lank wou hy nie, maar later het hy vir homself gesê: Vir God het ek wel geen eerbied nie, en aan ‘n mens steur ek my nie, maar aangesien hierdie weduwee so aanhou om my lastig te val, sal ek haar in haar regspraak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog”

Jesus verklaar die gelykenis

In die aanloop tot die gelykenis verklaar Jesus die gelykenis (Lukas. 18:1) en na die gelykenis verklaar Hy dit verder (Lukas 18:6):

Lukas 18:1

Jesus het vir hulle ‘n gelykenis vertel om duidelik te maak dat ‘n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. Hy het gesê:

Lukas 18:6

Toe sê die Here: “ Hoor wat sê die onregverdige regter. Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek sê vir julle: Hy sal hulle help en gou ook!

Maar,

Sal die Seun van die mens by Sy koms nog geloof op die aarde vind?”

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus

se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

‘n Persoonlike toepassing van die gelykenis

Kan ‘n mens glo wat Jesus sê? Dit klink amper Godslasterlik om die vraag te vra, maar selfs vir Jesus is dit die kern van die hele gesprek. Glo ons Jesus? Sal Hy geloof by ons vind? Indien ons glo, waarom doen ons dan nie wat Hy vir ons sê om te doen nie? Waarom vra ons net, maar vertrou Hom nie, om Sy woord waar te maak nie?

26. Ses en twintigste gelykenis: Die Fariseër en die Tollenaar (Lukas 18:9)

Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het , het Jesus hierdie gelykenis vertel:

“ Twee mense het na die tempel gegaan om te bid. Die een was ‘n Fariseër en die ander ‘n tollenaar. Die Fariseër het gaan staan en so by homself gebid: ‘ O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week en ek gee ‘n tiende van my hele inkomste.’

“ Maar, die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: ‘ O God, wees my, sondaar, genadig.’

“Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word.

Jesus se verklaring van die gelykenis

Die gedeeltes in die voorafgaande gelykenis wat donker gedruk is, verklaar waarom die gelykenis gaan.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Konteks van die gelykenis

Direk na hierdie gelykenis in die Lukasevangelie betoon Jesus Sy liefde teenoor kinders in die volgende woorde:

‘Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos ‘n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.

Die nederige opregte vertrouwe van ‘n kind gee hier die deurslag soos by die tollenaar wat sy sonde bely.

Net na hierdie gedeelte volg die gedeelte oor ‘n ander man van aansien, amper soos die Fariseër. Hy wou weet wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe. Eintlik wou hy spog met sy goeie lewe, soos die Fariseër in ons gelykenis, totdat Jesus hom bewus gemaak het van die feit dat hy ook ‘n sondaar is en dat ryk vername mense moeilik die koninkryk van God kan beërwe.

Verdere interpretasies van die gelykenis

Trots, was die oersonde wat satan sy plek in die hemel gekos het. Eva en Adam se sondeval was hoofsaaklik dat hulle die gedagte gekry het dat hulle soos God kan wees deur alles te ken. Ook hier steek die sonde van trots sy kop uit. Die meeste konings in ou Israel se geskiedenis was as gevolg van hulle eiewillige selfverheffing wat gemaak het dat hulle nie voor God se wil wou buig nie.

In ons gelykenis is die Fariseër ‘n tipiese uitbeelding van hierdie sonde van trots en selfverheffing. Die tollenaar is weer die teenbeeld hiervan. Die Fariseër is:

Trots, eiegeregtig, sien neer op ander en is so geestelik meerderwaardig, hy is so waardig dat hy nie eers hardop wil bid nie, sy waardige meerderwaardigheid word die uitgangspunt van sy gesprek met God en eintlik wil hy net vir God kom vertel hoe 'n wonderlike goeie mens hy is.

Die tollenaar hierteenoor is nederig, hy gee nie om wat die mense sê en dink nie, hy skreeu sy sonde huilend voor God uit. Al wat vir hom belangrik is, is dat God hom genadig moet wees. Sy kinderlike opregtheid, sy selfvernederings, sy jammerte oor sy verkeerde lewe is die eienskappe wat Jesus in 'n mens beïndruk.

Daarom dan ook dat Jesus dit beklemtoon dat elkeen wat homself verhoog, verneder sal word en dat elkeen wat homself verneder verhoog sal word. Rykdom, aansien, 'n goeie lewe, menslike eer, waardigheid, geleerdheid en wat jy en ander van jou dink beïndruk God gladnie.

Persoonlike toepassing van die gelykenis

Hierdie gelykenis is die hart van die Bybelboodskap: Aan die eenkant die mens wat self god wil wees en aan die anderkant die mens wat homself verloën en God toelaat om alles in hom te wees. Alleen die mens wat homself verloën en die kruis van selfverloëning volhardend bly dra kan klein genoeg word om deur die nou hemelpoort deur genade gered te word. 'n Mens, vet van eiewaan en eie belangrikheid, sal net te groot vir die genadedeur na God se koninkryk wees.

27. Sewe en twintigste gelykenis: Twee wat geld skuld (Lukas 7: 41)

Jesus sê toe: “ Twee mense was in die skuld by ‘n geldskierter. Die een het vyfhonderd rand geskuld en die ander een vyftig. Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie , het hy die skuld vir albei kwyteskel. Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?”

Jesus verklaar die gelykenis in die konteks van die gelykenis:

Lukas 7: 36 tot 40:

Een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het toe in die huis van die Fariseër ingegaan en aan tafel plek ingeneem.

‘n Sekere vrou in die dorp, wat ‘n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was. Sy bring toe ‘n albaste flessie met reukolie en gaan staan agter Jesus by Sy voete en huil, sodat haar tranes op Sy voete begin drup het. Daarna het sy Sy voete met haar hare afgedroog, hulle gesoen en met reukolie gesalf.

Toe die Fariseër, wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: “ Hy, as Hy ‘n profeet was, sou tog geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan Hom raak, dat sy ‘n sondares is.”

Maar Jesus spreek hom aan en sê: “ Simon, Ek het iets om vir jou te sê.”

“ Meneer, sê dit maar!” Antwoord hy.

Dan volg ons gelykenis

Lukas 7: 43 tot 47:

As antwoord op Jesus se vraag oor wie van die twee geldskietters die dankbaarste sou wees:

Simon antwoord: “ Ek veronderstel die een vir wie hy die meeste kwyteskeld het.”

“ Jou antwoord is heeltemal reg, “ sê Jesus, en Hy draai na die vrou toe om en sê verder vir Simon: “ Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom – en jy, water vir my voete het jy My nie gegee nie, maar sy, met haar trane het sy My voete natgemaak en met haar hare het sy dit afgedroog. ‘n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. My kop het jy nie eers met olie gesalf nie; sy het my voete met reukolie gesalf. Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde.

En Jesus sê vir haar: “ Jou sondes is vergewe”

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Nog gedagtes oor die interpretasie van die gelykenis en ‘n persoonlike interpretasie van die gelykenis

Die houding van die slegte vrou vir wie baie sondes vergewe is val op; sy gaan staan agter Jesus waar Hy aanlê om te eet. Sy is nederig en werk van agter Jesus se rug met Hom. Haar trane, net soos by die tollenaar, is opmerklik. So dikwels is dit die aanduiding van opregte jammerte wanneer trane sigbaar word. Omdat die trotse en veroordelende Fariseër haar nie gehelp het met water vir Jesus se voete nie, was haar trane die enigste wat sy kon gebruik het. Haar lang hare, wat as ‘n teken van gesag oor die vrou in Jesus se tyd gedien het, word laat

hang om Jesus se voete af te droog; sy onderwerp haar totaal aan Sy gesag. Sy kom in die nederigste eerbetoning, na Sy voete toe. Dit laat 'n mens dink aan Jesus wat in dienende liefde net voor Sy afsterwe, sy dissipels se voete gewas het. Hoe graag sou ons nie ook, soos hierdie vrou, iets vir Jesus wou gedoen het nie. Tog is die geleentheid nog steeds daar, want Hy het gesê dat vir die minste wat ons aan ons geringste broers doen, ons dit aan Hom gedoen het. Die beste wat die vrou vir Jesus, uit dankbaarheid, kon doen, was die geurige olie waarmee sy, Sy kop gesalf het. Het sy dalk 'n onbewuste voorkennis gehad van hoe hierdie kop sou lyk voordat Hy sou sterf- so verwoes dat Hy onherkenbaar geword het? Het sy Hom dan so gesalf vir Sy begrafnis? Ook Sy voete word gesoen. Wat 'n liefdesbetoning!

Ook Jesus se houding tydens die maal is interessant. Hy laat die vrou begaan want Hy weet watter les Hy Sy omstanders wil leer. Aanvanklik gaan Hy voort met Sy maal maar draai tog om en terwyl Hy na die vrou kyk spreek Hy die Fariseër aan.

Die groot Bron van Liefde, ons Here Jesus ontsluit 'n geheim vir ons. Hy wys vir ons in hierdie gedeelte hoe ons ook baie liefde vir Hom kan ervaar: Hoe meer ons bewus word van ons sondes en hoe meer ons dankbaar raak vir Sy vergifnis, hoe meer sal ons Hom liefhê met die liefde wat Hy so kennelik eerste aan ons bewys

het.

28. Agt en twintigste gelykenis: Die ryk dwaas wat geld te liefhet (Lukas: 12: 13)

Iemand uit die menigte sê toe vir Jesus:” Meneer sê vir my broer hy moet die erfenis met my deel.”

Maar Hy antwoord hom: “ Man wie het My as regter of deler vir julle aangestel?”

Toe sê Hy vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want ‘n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie”

Toe vertel Hy hulle ‘n gelykenis: “ ‘n Ryk man se grond het goed gedra. Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaar nie. Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaar. Dan sal ek vir myself sê: ‘ Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet en drink en leef lekker.’ Maar God het vir hom gesê: ‘ Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?’

So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie.”

Jesus se verklaring vir die gelykenis

In die gedeeltes van die gelykenis, wat donker gedruk is, verklaar Jesus waarom die gelykenis gaan. Die konteks verklaar die gelykenis. Die gedeelte in Lukas wat volg op die gelykenis, gee verdere insig in dit wat Jesus met die gelykenis bedoel het.

Jesus vervolg met die gedeelte waarin Hy sy hoorders waarsku om hulle nie te bekommer oor wat hulle moet aantrek en wat hulle moet eet nie. Hy sê dat ons hemelse Vader weet wat ons nodig het en dat ons Hom moet vertrou vir wat ons nodig het. In vers 31 word hierdie wonderlike lewensreël deur Jesus vir ons opgeteken:

Beywer julle vir Sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee.

Dan moedig Jesus ons aan om ons besittings te verkoop en die geld vir armes te gee omdat ons hart sal wees waar ons skat is, eerder as om ons besittings op te pot en dit te gebruik as sekuriteit vir onself.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

'n Persoonlike interpretasie van die gelykenis

So baie mense se lewens bestaan uit 'n sweet en swoeg om iets bymekaar te kry vir die *oudag*. Dit wil sê vir die dag wanneer hulle op pensioen kan gaan. Dikwels dink die mens dan baie dieselfde as die ryk dwaas: *Dan sal ek my eie ding kan doen. Ek sal nie meer afhanklik wees nie. Ek sal myself kan geniet, eet en drink, rondtoer en doen wat Ek wil.* Soos in die geval van die ryk dwaas werk dit dikwels nie so uit nie. Siekte en swakheid oorval so dikwels die pensioenaris. Dikwels is die pensioenaris se finansiële voorsiening nie voldoende nie en dikwels binne sewejaar word die pensioenaris se lewe kortgeknip en word Jesus se woorde waar:

'n Mens se lewe (Lewensspan) is nie afhanklik van die hoeveelheid besittings wat hy in sy lewe opgegaan het nie (Lukas 12:15)

29. Nege en twintigste gelykenis: Die verlore muntstuk (Lukas 15:8)

Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: ' Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weg weggeraak het, weer gekry.'

Dan volg Jesus se verklaring van die gelykenis:

Ek sê vir julle : Net so is daar blydskap onder die engele van God wees oor een sondaar wat hom bekeer.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daaglik vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Verdere interpretasie van die gelykenis

Rofweg word daar 125 keer in die Bybel na *soek* verwys. Dit is duidelik 'n baie belangrike woord. Nie net in die Bybel is dit 'n belangrike woord nie maar ook in die mens se daaglikse lewe speel hierdie woord 'n groot rol. Gedurig is die mens op soek na iets. Wanneer hy sy oë in die oggend oopmaak soek hy die tyd op sy oorlosie, hy soek die tandepasta wat sy vrou op 'n ander plek neergesit het, hy soek sy motorsleutels, by die werk soek hy goedkeuring,

erkenning en bevordering, by die huis soek hy liefde en soms as hy nie te besig en te moeg is nie soek hy ook na die Here.

In hierdie gelykenis is daar die moontlikheid om soek op veral twee maniere te interpreteer. Dit mag moontlik 'n verwysing wees na God se soeke na ons siele en daarom die vreugde van die engele wanneer een persoon gevind en gered word. Dit mag ook dui op die soeke van 'n verlore siel na die redding by Sy Vader. In hierdie verband word gedink aan 'n ander uitspraak van Jesus in Lukas 11:9:

“ Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word.

Hierdie verantwoordelikheid van die mens vind binne die heerlike konteks van Lukas 19:10 plaas:

Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

God is so goed. *Dankie Vader dat U nooit opgehou soek het na my nie. Dankie dat U ook in my soeke na U, U laat vind het.*

30. Dertigste gelykenis: Die ryk man en die arm Lazarus (Lukas 16:19)

Daar was 'n ryk man wat duur en deftige klere gedra het en elke dag feestelik en weelderig geleef het. En daar was 'n arm man met die naam van Lazarus wat by die deur van die ryk man gelê het in die hoop dat hy van die oorskiet van die ryk man se tafel te ete sou kry. Hy was oortrek van swere en selfs die honde het daaraan kom lek.

Toe die arm man te sterwe kom, is hy deur die engele weggedra na die ereplek langs Abraham, Die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. Toe hy in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op en sien vir Abraham daar in die verte en vir Lazarus daar langs hom en hy roep: ' Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lazarus dat hy net die punt van sy vinger in die water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur. ' Maar Abraham sê: ' My kind, onthou dat jy in jou leeftyd altyd die goeie gekry het en Lazarus die slegte. Nou gaan dit hier goed met hom, maar jy word gepynig. En buitendien is daar 'n groot kloof tussen ons en julle, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle toe, nie kan nie, en die wat daar is ook nie na ons toe kan oorkom nie.' Toe sê hy: ' Ek smeek u, vader, stuur hom tog na my pa se huis toe. Ek het nog vyf broers. Laat hy hulle dringend gaan waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging beland nie.' Maar Abraham sê: ' Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister.' Hy antwoord egter: ' Nee vader Abraham maar as iemand uit die dood na hulle toe gaan, sal hulle hulle bekeer.' Maar hy sê vir hom: ' As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan. ''

Jesus se verklaring van die gelykenis

Jesus gee nie 'n verklaring vir hierdie gelykenis nie. Indien egter in die konteks na die gelykenis gekyk word is Jesus hier besig om 'n diepsinnige gesprek met die Fariseërs te voer. Uit die voorafgaande blyk dit dat die Fariseërs baie lief vir geld was. Uiterlike vertoon was vir hulle baie belangrik, amper soos die ryk man in die gelykenis. Toe Jesus hulle aanspreek oor die feit

dat hulle nie Mammon en God kan dien nie, het hulle Hom uitgelag. Die Fariseërs was so arrogant dat hulle selfs God se wet verdraai het om hulle te pas. Jesus spreek hulle skerp aan in hierdie verband en sê dat nie eers die kleinste Hebreëuse lettertjie, naamlik die *Jod*, van die wet sal verander nie. Dan vertel Jesus hierdie gelykenis.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Nog 'n moontlike interpretasie

Dit is vir die skrywer 'n ope vraag of hierdie werklik 'n gelykenis is. Gewoonlik is daar 'n dieper verskuilde boodskap in die stories wat Jesus as gelykenisse vertel. In hierdie geval is die storie so werklikheidsgetrou dat daar aan een van die karakters in die storie 'n definitiewe naam gegee word naamlik *Lazarus*. Daar is 'n verwysing na Abraham sonder dat Abraham iets of iemand anders voorstel. Daar is direkte dialoog asof dit wat verhaal word werklik gesê is. Daar is verder nie eintlik 'n verskuilde boodskap nie maar 'n werklike verhaling van wat gebeur met twee persone. Die arrogante, belangrike ryk man is vir Jesus so onbelangrik dat sy naam nie eers vermeld word nie. Die arrogante redenasies van die ryk man en die meerderwaardige wyse waarop hy Lazarus wil gebruik en die voorskriftelike manier waarop hy met Abraham omgaan wys dat hy selfs in die hel nog nie werklik tot inkeer gekom het nie. In hierdie opsig kan die verhaal 'n vergelykende betekenis hê ten opsigte van die Fariseërs en wat vir hulle in die hiernamaals wag.

Persoonlike interpretasie van die gelykenis

Dit wil voorkom of die probleem nie soseer by die min of baie geld inkom nie. Dit kom eerder by die gesindheid en die liefde vir die geld. Die manier wat geld hanteer word, word die deurslaggewende saak. Daar is tog baie ryk mense wat toegewyde Christene is en hulle bronne ruim aanwend om arm mense te help. So is daar ook arm mense wat inhalig en liefdeloos soveel as moontlik vir hulleself probeer opgaan.

Die probleem kom dan by *The love of money*.

31. Een en dertigste Gelykenis: ‘n Mens maak nie sommer oorlog nie. (Lukas 14: 31)

32. Twee en dertigste Gelykenis: Dink voor jy bou (Lukas 14:28)

Hierdie twee gelykenisse gaan saam hanteer word aangesien hulle deur Jesus gebruik word om dieselfde boodskap oor te dra.

“Wie van julle wat ‘n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken om te sien of genoeg geld het om die werk te voltooi nie? Anders, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf. Hulle sal sê: ‘Hier is ‘n man wat begin bou het maar nie kon klaarmaak nie.’

“ Of watter koning wat met ‘n ander koning in ‘n oorlog betrokke raak, sal nie eers gaan sit en oorweeg of hy met sy tien duisend man sterk genoeg is om die ander een teen te staan wat met twintig duisend teen hom optrek nie? Anders stuur hy ‘n afvaardiging om vredesvoorwaardes te vra terwyl die ander een nog ver is.

Jesus verklaar die gelykenisse

Die verklaring van die twee gelykenisse is in die konteks van die voorafgaande en die daaropvolgende gedeeltes te vind.

In vers 26 sê Jesus die volgende voordat Hy met die twee gelykenisse begin:

“ As iemand na My toe kom, kan hy nie My dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs sy eie lewe. Iemand wat nie sy kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie My dissipel wees nie.

Na die twee gelykenisse spreek Jesus die volgende woorde uit:

“ So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie.”

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Verdere verklaring van die gelykenisse

Jesus maak dit duidelik dat iemand nie sommer net agter Hom kan aankom nie. Om Jesus te volg vra ‘n prys. Niemand is Hom waardig indien die persoon nie bereid is om alles vir Hom op te offer nie. Twee dinge word genoem as ‘n voorbeeld van hoe duur dit mag wees om Jesus se volgeling te word. In die eerste instansie mag geen mens vir jou belangriker as Jesus wees nie; nie jou ouers, vrou, kinders of ander familie nie. Verder mag jou besittings ook nie vir jou belangriker as Jesus wees nie.

Voordat jy besluit om Jesus te volg sal dit raadsaam wees om eers mooi te gaan sit en dink of jy bereid is om die prys te betaal om Jesus se volgeling te kan word. Jesus is nie bereid om die tweede plek in jou lewe in te neem nie. Alleen indien jy bereid is om Hom die absolute belangrikste in jou lewe te maak is jy gereed om Sy volgeling te word. Die woordjie **alles** is geweldig omvattend en kan dalk meer impliseer as wat ‘n mens besef. Hoeveel ouers is byvoorbeeld vandag bereid om Jesus bo hulle kinders te kies wanneer die kinders hulle voor ‘n keuse stel om of die kinders se goddelose leefstyl te aanvaar, of nie weer hulle kinders of kleinkinders te sien nie.

Persoonlike interpretasie

Dikwels is dit ontstellend om by selfondersoek agter te kom dat dit waaroor jy bekommerd is, verkeerde prioriteite in jou lewe aandui.

33. Drie en dertigste gelykenis: ‘n Vriend vra hulp (Lukas 11:5).

Verder sê Hy vir hulle: “ Sê nou een van julle het ‘n vriend, en jy gaan in die middel van die nag na hom toe en jy vra: ‘ Vriend leen my bietjie drie brode, want ‘n vriend van my wat op reis is, het by my aangekom, en ek het niks om vir hom voor te sit nie.’ En die ander antwoord van binne af: ‘ Moet my nie lastig val nie! Die deur is al gesluit en my kinders en ek is al in die bed. Ek kan nie opstaan om dit vir jou te gee nie.....’. Ek sê vir julle: Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en vir hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie.

“ Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra ontvang, en elkeen wat soek kry; en vir elkeen wat klop sal oopgemaak word. Is daar ‘n pa onder julle wat as sy seun vir hom ‘n vis vra vir hom ‘n slang sal gee in plaas van die vis? Of as hy ‘n eier vra vir hom ‘n skerpioen sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee- die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra.”

Jesus verklaar die gelykenis

Hoofstuk 11 begin deur te vertel dat Jesus iewers op ‘n berg besig was om te bid. Toe Hy by Sy dissipels kom het hulle Hom versoek om hulle te leer bid soos Johannes sy volgelinge leer bid het. Dan gee Jesus ‘n verkorte weergawe van die bekende *Onse Vadergebed*. Direk hierna vertel Hy dan vir hulle hierdie gelykenis.

Dit is duidelike dat die man wat vir brood by sy buurman gaan vra het in die nood was. Dit is ook uit die gelykenis duidelik dat hy volhard het en nie nee, vir ‘n antwoord wou aanvaar het nie. Die man sou nie aanhou vra het nie indien hy nie vertrou gehad het dat sy buurman hom sou help nie. Vandaar dat hy volhardend, gelowig aanhou vra het. Dit wil voorkom of Jesus hierdie aspek van die vra in die gebed wil beklemtoon. Om ons geloof in Hom as Vader en Sy

goedgesindheid teenoor ons te versterk beklemtoon Jesus die boodskap van hierdie gelykenis in die donkergedrukte gedeelte van die gelykenis.

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daaglik vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

'n Persoonlike toepassing

Ons vra so dikwels dinge vir God in die gebed. Dikwels herhaal ons die versoeke, wat volgens die gelykenis reg is. Tog mag dit wees dat ons gesindheid, wanneer ons vra, nie reg is nie. So is dit dalk moeilik om te onthou wat ons alles vanoggend in die gebed gevra het. Indien die gebedsversoek so belangrik was, en die versoek gelowig gebid is, dit volhardend gedoen is, sou dit nie moeilik gewees het om dit te onthou nie. Mag dit wees dat ons vir so baie verskillende dinge vra dat die intensiteit om vir 'n spesifieke ding te vra verlore gaan. In die gelykenis is daar nie vir baie dinge gevra nie maar daar is intensief vir 'n besondere ding gevra. Jesus gee dan ook teen die einde van die gelykenis 'n aanduiding van die een ding waarvoor ons veral moet vra naamlik dat die Heilige Gees vir ons gegee moet word. Ons moet daarna vra soos 'n kind vir sy vader kos sal vra; gelowig, verwagend, aanhoudend met die vaste wete dat God bestaan en dat Hy die beloon wat gelowig na Hom vra: (Hebr. 11:6)

As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die wat Hom soek, beloon.

34. Vier en dertigste gelykenis: Die getroue bestuurder (Lukas 12:42 en Mat. 24:45)

“ Wie is eintlik die getroue en verstandige slaaf vir wie sy eienaar oor sy ander slawe aangestel het om hulle op hulle tyd kos te gee? Dit is die slaaf vir wie sy eienaar by sy tuiskoms so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy ! Dit verseker Ek julle: hy sal hom aanstel oor alles wat hy besit.

Maar as dit ‘n slegte slaaf is, sal hy by homself dink: my eienaar bly lank weg. Dan sal hy die ander slawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink. Die eienaar van daardie slaaf sal op ‘n dag kom dat hy dit nie verwag nie, en op ‘n uur wat hy nie vooraf weet nie. Dan sal die eienaar hom laat doodmaak en hom die lot van huigelaars laat deel. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.

Jesus se verklaring van die gelykenis

Hierdie gelykenis is deel van Jesus se antwoord op die dissipels se vraag oor wanneer die eindtydgebeure sal plaasvind. Eers gee Jesus ‘n uiteensetting van al die tekens wat sal aandui dat Sy koms naby is, soos dat baie onder Sy Naam sal kom en sal voorgee dat hulle Jesus is, dat Sy volgelingen vervolgd en gehaat sal word deur al die nasies, dat daar baie vals profete sal kom, dat mense God se voorskrifte sal verwerp en dat mense se liefde sal verkoel. Die evangelie sal ook eers aan al die nasies verkondig word voordat Jesus sal kom. Jesus dui ook aan dat daar ‘n groot verdrukking vir Sy volgelingen wag, so groot soos daar nog nooit was nie. Satan sal in hierdie tyd baie arrogant wees en selfs in die tempel van God ingaan om dit te ontheilig. Na hierdie verdrukking sal daar sonsverduistering wees, die sterre sal uit die ruimte val, die maan sal nie meer skyn nie. Jesus se koms sal dan vir alle mense duidelik wees, amper soos ‘n weerligstraal wat van Oos tot Wes sigbaar is. Dan sal God se engele, Jesus se volgelingen oor die hele aarde bymekaarmaak.

Niemand, nie eers Jesus, weet wanneer die besondere dag en uur van Sy wederkoms sal wees nie. Daar sal nietemin tog aanduidings wees dat Sy koms naby is. In hierdie verband vertel Jesus dan 'n ander gelykenis: (Dit sal ons volgende gelykenis wees)

35. Vyf en dertigste gelykenis: Gelykenis van die vyeboom wat begin bot (

Mat. 24: 32)

Leer dit van die vyeboom as voorbeeld: wanneer sy takke begin sag word en hy blare kry, weet julle die somer is naby.

Dan verklaar Jesus hierdie gelykenis wat binne die ander gelykenis voorkom:

So moet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur.

Hierna verwys Jesus na 'n inbreker en dat die eienaar van 'n huis wat indien hy geweet het wanneer die inbreker sou kom, hy hom sou kon gekeer het.

Omdat ons nie die dag en uur van Jesus se wederkoms weet nie, moet ons te alle tye gereed wees vir Sy koms.

Nou volg die gelykenis van die twee tipes slawe; die een wat getrou met verwagting op die koms van sy baas goed gesorg het vir sy medeslawe en die slegte slaaf wat vergeet het dat sy baas enige oomblik kan terugkeer en saam met die sondaars in sonde verval het en sy medeslawe mishandel het.

Die verskriklike waarskuwing van Jesus volg hierna:

Die eienaar van daardie slaaf sal kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur wat hy nie vooraf weet nie. Dan sal sy eienaar hom laat doodmaak en hom die lot van huigelaars laat deel. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.

Duidelik bedoel Jesus die wat nie gereed vir Sy wederkoms is nie

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus

se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

‘n Persoonlike interpretasie

God se woord is so verskriklik waar. Aan die begin van Mat. 24, voordat Hy met die profetiese tekens begin, verklaar Jesus ten opsigte van die tempel waardeur die dissipels so beïndruk was die volgende:

“Julle sien al hierdie dinge? Dit verseker Ek julle: Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.

‘n Skrale dertig jaar hierna in 70 nC. het dit letterlik gebeur.

Waarom sal die res van Jesus se profesie vir die eindtyd dan nie ook waar wees nie?

Ons sien in die tyd waarin ons leef, hier in 2018, dat so baie van Jesus se profesiëe van bykans 2000 jaar gelede, besig is om waar te word.

Werklik die vyeboom se takke is besig om sag te word.

Ons, die slawe van Jesus, moet soos die getroue en verstandige slaaf omgee vir ons medeslawe en hulle mooi versorg. Ons weet immers dat ons Eienaar op pad is om van ons rekenskap te vra.

36. Ses en dertigste gelykenis: Skape en bokke word geskei (Mat. 25:31)

“ Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op Sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos ‘n wagter die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.”

Jesus se verklaring van die gelykenis

Die vraag is nou wie die skape en die bokke in Jesus se verhaal is. Jesus verklaar dit self soos volg.

*“ **Dan sal die Koning vir die aan Sy regterkant sê:** ‘ Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het my iets gegee om te drink; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere en julle het vir My klere gegee; siek en julle het My verpleeg; in die tronk en julle het My besoek.’ Dan sal die wat die wil van God gedoen het, Hom vra: ‘ Here wanneer het ons U honger gesien en gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U ‘n vreemdeling gesien en U gehuisves of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?’ En die Koning sal hulle antwoord:’ dit verseker Ek julle : Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.”*

*“ **Dan sal die Koning vir die aan Sy linkerkant sê:** Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, want Ek was honger, julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors en julle het My niks gegee om te drink nie; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk en julle het My nie versorg nie.’ Dan sal hulle ook antwoord: ‘*

Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?' En Hy sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit ook aan My nie gedoen nie. En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar die wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe.

Hierdie gelykenis word in soveel besonderheid deur Jesus verklaar deur die interpretasie viermaal te herhaal dat dit bykans onmoontlik is om nie te verstaan wat Jesus met die gelykenis bedoel het nie. Die vraag is egter of ons Jesus hoor wanneer Hy hierdie aangrypende woorde tot ons rig. Daarom is dit van die uiterste belang om die volgende te doen:

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, en Jesus se verklaring waar dit wel voorkom, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

37. Sewe en dertigste gelykenis: Die vyeboom wat niks dra nie (Lukas 13:6)

Daarna het Hy hierdie gelykenis vertel: “ ‘n Man het ‘n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was. Toe hy vrugte daaraan kom soek maar niks kry nie, sê hy vir die tuinier: ‘ Kyk dit is nou drie jaar dat ek aan hierdie vyeboom vrugte kom soek, en ek kry niks nie, Kap hom uit! Waarom moet hy langer die grond uitput?’ Maar die tuinier antwoord: meneer, laat hom nog hierdie jaar staan. Ek sal die grond rondom hom omspit en bemes. Miskien sal hy dan volgende jaar vrugte dra. Maar so nie, kan u hom uitkap.”

Jesus se verklaring en die konteks van die gelykenis

Jesus gee nie ‘n verklaring vir hierdie gelykenis nie. Daar is ook nie konteksgegewens om ons te help met die verklaring van die gelykenis nie. Dit wil dus voorkom of die Heilige Gees van ons verwag om Hom te vertrou om die gelykenis vir ons oop te breek. Die persoonlike toepassing en verklaring sal dan vir verskillende mense op verskillende maniere kan gebeur. Die volgende is maar net een manier om daarvoor te dink maar voor ons dit dit doen laat ons die Heilige Gees eers toelaat om met ons daarvoor te praat. Dus:

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, daagliks vir ‘n paar dae deur en dink daarvoor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

‘n Persoonlike interpretasie van die gelykenis

‘n Man mag dui op ons Here Jesus.

‘n Vyeboom mag dui op ek of jy.

In ‘n wingerd geplant mag dui op ons tyd en plek op hierdie aarde; ons is immers uit grond\ stof gemaak.

Geplant mag dui daarop dat ons vir ‘n spesifieke doel op die aarde geplaas is met moeite met die verwagting dat ons vrug sal voortbring.

Om vrug te soek mag dui op die vrug van die Heilige Gees in ‘n mens se lewe soos dit in Gal. 5 vir ons aangedui word: *liefde, vrede, vreugde, geduld, goedhartigheid, vriendelikheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Om vrug te soek dui ook op ‘n verwagting van die eenaar dat daar een of ander goeie opbrengs sal wees.

Niks vrug gekry nie mag dui op ‘n gebrek aan die vrug van die Heilige Gees.

Gesprek tussen die eenaar en die tuinier mag dui op God se gesprek met Jesus oor ons, die vyeboom en oor die opbrengs van ons lewens.

Drie jaar se vergeefse soeke na vrugte mag dui op genoegsame tyd wat aan ons gegun is om geestelike volwasse te word ten einde vrug te kan voortbring.

Kap die boom uit mag daarop dui dat God voel ons het nou genoeg kans gehad om te kon groei en geestelike vrugte tot Sy eer en verheerliking te kon voorbring. Sy geduld met ons raak nou op.

Om die grond uit te put sonder dat daar vrug op al die moeite, tyd en geld wat bestee is , voorkom mag op al die preke, voorbidding, genade, kanse en moeite dui wat God met ons toegelaat het.

Die tuinier wat pleit vir nog een kans mag dui op Jesus wat vir ons intree voordat ons kans vir goeddoen en vrugdra, finaal verby is.

Om die grond om die boom om te spit en goed te bemes mag daarop dui dat ons in die heerlike tyd waarin ons vandag leef; sonder vervolging, met al die kerke en leraars tot ons beskikking met God se Woord wat in ons huise rondlê, met geleentede en kans, met God se Gees wat daaglik by ons pleit, **die laaste seisoen van genade uit God se hand beleef omdat Jesus vir ons pleit vir nog een laaste kans.**

Dat die tuinier instem dat ons maar uitgekap kan word indien ons nie hierdie laaste kans benut nie mag daarop dui dat die tyd vir ons begin uitloop.

Dat die tuinier sê: U kan hom dan maar uitkap, terwyl die eenaar in die eerste instansie aan die tuinier die opdrag gee om die boom uit te kap mag dui op Jesus se oneindige liefde en genade vir ons en dat Hy nie self kans sien om ons, vir wie Hy so duur betaal het, in die hel te gooi nie.

Sal ons die finale genadetyd dan mors of sal ons die Heilige Gees toelaat om deur ons vrug te dra?

38. Agt en dertigste gelykenis: Suurdeeg (Mat. 13:33)

Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou gevat en in 'n groot skottel meel ingewerk het totdat dit heeltemal deursuur was.

Eintlik is hierdie nie die gelykenis nie. Dit is 'n verklaring, 'n uitleg wat Jesus gee van hoe Sy koninkryk is. Hierdie is een van drie verklarings van Jesus oor hoe die Koninkryk van God is. Die ander twee is die gelykenis van die goeie saad en die slegte saad wat tussen die goeie saad gesaai is (Mat.13:24) en die tweede een is die van mosterdsaadjie (Mat. 13:31) wat 'n klein saadjie is maar 'n groot boom word.

In hierdie gelykenis lê Jesus klem op een aspek van Sy koninkryk naamlik dat dit wel klein mag begin soos 'n klein suurdeegplantjie maar dat dit dwarsdeur die wêreld sal trek en die hele menslike bevolking sal deursuur soos 'n groot skottel meel. Ons weet dat deeg vanweë die uitwerking van die suurdeeg begin rys omdat gasborrels in die deeg gevorm word. Eintlik is dit ook lug wat deur die knieproses vasgevang word in die deeg. So word die lug in die deeg dit wat die brood so 'n aangename en bruikbare tekstuur gee.

Kan dit wees dat die wonder van die Evangelie, soos suurdeeg deur die deeg, deur die wêreldbevolking se siele trek? Word die mens deur die knieproses van lyding gereed gemaak om soos brood te rys namate die mens se siel deur God se Gees verruim word? Neem die mens in sy lewe die Heilige Gees soos lug in? Is hierdie lug die asem van die lewe, die Ruach, die wind van God, Sy Heilige Gees? Sodat die mens nie net die Brood van Genade sal eet nie maar ook self brood sal word, gevul met die heerlike Gees van bruikbaarheid vir ander honger siele?

Tussenpose

Dit word aanbeveel dat die gelykenis nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenis vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenis, daagliks vir 'n paar dae deur en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenis in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenis genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie , die kernpunt van die gelykenis vir jou word.

Laaste gelykenis: Die volledige verhaal vanaf die skepping tot by die finale oordeel (Genesis 1:1 tot Openbaring 21: 21)

Hierdie gelykenis gaan 'n bietjie anders as die voorafgaande 38 gelykenisse hanteer word. Eers sal die gelykenis in konteks ten opsigte van die tyd waarin dit afspeel, geplaas word. Daarna sal die kernboodskap, die dieper betekenis, van die verhaal uitgelig word en dan sal na 'n enkele storie met 'n toepassing uit die Ou Testament gekyk word.

1. Konteks van die gelykenis

Vorm in jou gedagtes 'n prentjie van 'n pad, 'n lang pad vanaf Kaapstad tot in Kairo. Stel jou nou voor iemand trek 'n streep oor die pad iewers op hierdie lang pad. Die streep wat dwars oor die pad getrek word, word met 'n stokkie getrek en die strepie is omtrent een milimeter breed. Die strepie kan op enige plek tussen Kaapstad en Kairo wees. Dalk sal jou strepie nader aan Kaapstad wees, of nader aan die middel, dalk hier by die Kongo iewers of dalk naby Kairo. Dit maak nie saak nie. Probeer nou dink aan hoe dun die strepie is in vergelyking met die lengte van die pad. Wat is 1 milimeter nou in terme van 10,000 kilometer. Dit is 'n absolute nietigheid. Hiervan kan die menslike brein nog 'n denkbeeld vorm. Indien die pad van Kaapstad suid verleng kon word oor die see, die oneindigheid in en die pad kon noord van Kairo die oneindigheid in verleng word, laat die mens se konsepvorming hom in die steek en kan hy later nie meer 'n denkbeeld vorm van die nietigheid van die 1 milimeterstrepie in verhouding met die oneindige lengte nie.

So is die menslike bestaan van 6000 jaar in vergelyking met die oneindige tydsverloop voor die mens daar was en die oneindige tydsverloop die ewigheid in, die toekoms in, na die mens se 6000(10,000 km. van Kaapstad tot in Kairo) jaar op die aarde verby is.

Alle profetiese aanduidings is dat die menslike bestaan, soos ons dit ken op die aarde, vinnig besig is om sy einde te nader. Van Adam af tot in ons tyd het daar omtrent 6000 jaar verloop. Na die duisendjarige (1 duisend jaar lank) vrederyk wat hierna sal volg, sal die finale oordeel plaasvind en sal die ewige heerlikheid vir die geredde siele aanbreek; so ook die ewige lyding in die hel vir die wat Jesus se genade-aanbod verwerp het. Interessant dat God die aarde en alles daarin in 6 dae geskep het en dat Hy daarna vir 1 dag gerus het. Vir God is 'n 1000 jaar soos 1 dag en 1 dag soos 'n 1000 jaar. God sê ook dat 'n mens se lewe 70 jaar sal wees. Vir die meeste mense beteken dit dat hulle vir 60 jaar besig is en 10 jaar rus voordat hulle sterf. So lê God die ritme van 6 en 1 vir ons vas.

Die mens se bestaan op die aarde vir 6000 jaar mag lank klink maar in konteks gesien is dit 'n nietigheid.

2. Die dieper boodskap van die gelykenis

Om by die dieper boodskap van die menslike verhaal uit te kom is dit nodig om te kyk na die sinvolheid van die mens se bestaan. Waarom is die mens gemaak? Wat was God se doel met die skepping van die mens? Waarom het God hierdie tydsgleuf in die ewigheid geskep om die mens te laat leef?

Baie, baie boeke is oor hierdie onderwerp geskryf. Om nie in te veel argumente oor hierdie onderwerp te verval nie, sal stilgestaan word by dit wat Jesus as die wesentlikste, wat 'n mens voor kan vra, stil te staan. Jesus het dit as die belangrikste vir die mens se bestaan op die aarde beskou. Hy formuleer dit as die eerste drie bedes van die Onse Vadergebed naamlik:

- 1. Laat U Naam geheilig word.**
- 2. Laat U koninkryk kom.**
- 3. Laat U wil geskied.**

Die sin van die mens se bestaan, die doel waarvoor God die mens gemaak het, kan in hierdie drie bedes teruggevind word. Kom ons kyk in meer besonderheid na elk van hierdie bedes:

1. Laat U Naam geheilig word

God het die menslike skepping so hoog geag dat Hy die mens na Sy eie beeld geskape het. Die eer wat die mens aangedoen is om soos Sy Skepper te lyk, het van hom vereis om niks te doen wat oneer aan Sy Skepper sou bring nie. Die mens is dan gemaak om God te vereer, om God te aanbid, om mee te werk dat Sy Naam deur ander geheilig en gerespekteer sal word. Die mens moes God se Naam eer, heilig, respekteer en so die hoogste eer aan Hom bewys. Die mens se sinvolheid het dus in die eerste plek gegaan om God se verheerliking.

2. Laat U koninkryk kom

Daar is net Een Koning, ons Vader God en Heer. Alles behoort aan Hom. Hy weet alles, besit alles, kan alles. Hy is die enigste God. Alhoewel satan probeer het om God te wees het hy jammerlik misluk. God het die mens gemaak en die sin van die mens se lewe is om Hom Koning te maak, Sy koninkryk uit te brei, in stand te hou, 'n eerbare lid van die koninkryk te wees en ander mense deel van Sy koninkryk te maak.

3. Laat U wil geskiet

God het die mens gemaak om Hom gehoorsaam te wees en Sy wil hier op die aarde te doen. God weet die beste en wil graag hê dat die mens volgens Sy riglyne moet leef aangesien dit Hom sal eer.

Die mens gekies het om sy eie naam groot te maak en self soos God te probeer wees deur alles te ken. Satan het valslik hierdie leuen aan Eva voorgehou. So het die sinvolheid van die mens se bestaan op die aarde met die sondeval misluk.

Toe die mens homself as god gekies het, het hy sy eie koninkryk probeer vestig. Hy sou dan die god van sy eie koninkryk wees. So het die sin van die mens se bestaan op die aarde 'n verdere knou gekry.

Die mens se eiewillige aard, sy onvermoë om God se wil te doen, sy vergoddeliking van homself en die soeke na sy eie koninkryk deur sy eie wil te doen het die mens in 'n ernstige penarie laat beland. Hy het sy Godgegewe doel, die sin van sy bestaan misgeloop. Al wat oorgebly het is dat God die dood oor die mens voltrek.

Nou het die tyd ryp geword dat die dieper betekenis van die mens se storie ondersoek moet word.

'n Mens sou kon sê, dat die mens misluk het, dat hy sy doel gemis het en dat sy lewe op die aarde 'n sinnelose mislukking was. Sonder God sou dit waar gewees het. God is egter nie soos 'n mens nie. Hy is liefdevol, genadig, goed en regverdig. Daarom het Hy nie opgegee op die mens en die mens verwoes nie. Nee, Hy het 'n plan gemaak om die mens se sinvolheid te herstel. Hy het besluit dat aangesien die mens baie foute begaan het, die mens gestraf moes word. Om die mens na behore te straf sou Hy alle mense net eenvoudig moes uitwis. Daar was egter een ander uitweg. Indien iemand, wat nog nooit sonde gedoen het nie, gevind kon word en die persoon kon in die plek van die sondige mens gestraf word, kon die mens vry gespreek word van dit wat hy verkeerd gedoen het. Die probleem was nou om so iemand te vind. Op die aarde was daar niemand nie. Die enigste Persoon wat as sondeloos kon kwalifiseer was God se eie Seun. God het toe in Sy groot genade en liefde vir die mens besluit om Sy kosbaarste, Sy eie geliefde Seun, in die mens se plek te laat boet, vir dit wat die mens verkeerd gedoen het. In Kol. 1:22 word dit so saamgevat:

Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat Sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel

So het dit dan ook gebeur, so 4000 jaar na Adam se sondeval. Jesus kon nie in die hemel bly en **daar** gestraf word in die mens se plek nie. Hy moes aarde toe kom en dit het Hy dan ook gedoen. Vir 33 jaar was Hy op die aarde en die laaste 3 jaar het Hy die mense die dieper betekenis van Sy koms geleer. Al die mense wat Jesus se uiteensetting van waarom Hy na die aarde toe gekom het, geglo het, het deel gekry aan die vrypraak van sonde. Jesus het immers vir al hulle sondes geboet en volkome betaal. So is die mens in God se oorspronklike plan vir die mens, naamlik om Hom te verheerlik, herstel. Die mense wat geglo het wat Jesus vir hulle kom leer het, is gered en vrygespreek en kon weer sinvol begin leef; God se heilige Naam het weer die mens se hoogste doel geword, God se koninkryk het weer vir die mens die belangrikste geword en die mens het sy ou bose natuur verloor (Kol.2:11), is weer gebore en kon nou heilig en tot God se eer, God se wil doen.

‘n Voorbeeld van ‘n gelykenis uit die Ou Testament

Die Storie (Genesis en Eksodus: ‘n werklike verhaal)

Jakob en sy seuns het by Josef in Egipte aangesluit tydens die groot droogte. Hier het die afstammeling van Jakob vir 430 jaar gebly. Hulle was nie altyd welkome besoekers nie. Namate hulle meer geword het en ‘n bedreiging vir die Egiptenare geword het, is hulle aan slawerny onderwerp. Hulle het baie swaar gekry maar is in die proses as nasie gevorm.

Moses is deur God geroep om die Israëliete uit Egipte na hulle land van belofte te lei. Waar hulle slawe in Egipte was, het dit nou tyd geword dat hulle verlos moet word en as vry mense in hulle land van belofte moes gaan bly. Tydens hulle uittog trek hulle deur die Rooisee en hulle agtervolgers verdrink sodat die Egiptenare nie weer invloed oor hulle sou uitoefen nie. Toe die Israëliete by die Berg Sinai kom het God vir hulle die Tien Gebooie deur Moses gegee. Vanweë Moses se ongehoorsaamheid kon hy nie die Beloofde Land ingaan nie. Josua

het die Israëliete ingelei. Dit het weer gepaard gegaan met 'n trek deur water, in hierdie geval die Jordaanrivier.

Die dieper betekenis waarna die storie verwys

Die Israëliete, is in die dieper betekenis van die gelykenis, die mense wat deur sonde vasgevang geraak het. Moses is 'n tipe van verlosser. Hy mag op God dui, Wie Sy kinders van die sondeslawebestaan bevry. Die deurtog deur die Rooisee mag op die doop dui waardeur die vrymaking en losmaking van die slawebande bevestig word. Die verdrinking van die Egiptenare mag op die vrymaking van die slawebande van die sonde dui. Moses se ontvangs van die wet op Sinai beeld moontlik die tydperk in 'n mens se lewe uit wanneer die mens die wet probeer onderhou en so deur verdienste probeer om gered te word. Josua, wie die Israëliete die Beloofde Land inlei, dui op Jeshua, ons Jesus wat ons die land van die belofte, die ewige lewe, inlei. Josua, Jeshua en Jesus beteken *Redder, Verlosser* en *Heil*. Die deurbeweg deur die Jordaan mag op die doping met die Heilige Gees dui.

Ter afsluiting:

Dit word aanbeveel dat die gelykenisse nou oordink word. Laat die Heilige Gees toe om jou te leer en om die gelykenisse vir jou persoonlike situasie te verklaar. Lees die gelykenisse, daaglik en dink daaroor na. Let veral daarop hoe die gelykenisse in jou eie lewe toepassing vind. Indien jy die gelykenisse genoegsaam oordink het, sal Jesus, en Sy evangelie, die kernpunt van die gelykenis vir jou word. Sien dan hoe hierdie gelykenisse as lewende woorde van ons Here Jesus daaglik in jou lewe rigting en koers gee.

Amen! Amen! Amen!

Bibliografie

Alle bybelverwysings kom uit: *Die Bybel in Afrikaans-Nuwe Vertaling, Goue Jubileum – Uitgawe. 1933 eb 1983 uitgawe. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kaapstad*, tensy anders vermeld.

1. **Van der Walt, Jan (Red.). *Die Bybel A-Z. Christelike Uitgewersmaatskappy.2003.***
2. **Gispen,W.H en andere. *Bybelse Ensiklopedie. Tweede Hersiene Uitgawe. Eerste Deel. Verenigde Protestante Uitgewers Kaapstad. 1977.***
3. **Vosloo Will e.a. *Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Christelike Uitgewersmaatskappy. 1993***
4. ***Amplified Bible. Zondervan Publishing House. 1987 Lockman Foundation.***
5. ***Die Bybel in Afrikaans. Bybelgenootskap van Suid- Afrika. 1957.***
6. **Miyhart, Felix A. *Afrikaanse Bybelkonkordansie. Lux Verbi. 2012. 1975 Ou Vertaling. 1983 Nuwe Vertaling.***
7. **Fowler,P.G and Fowler, H.W.*The Pocket Oxford Dictionary of current English. Oxford at the Clarendon Press. 1970.***

Kopiereg: Joas Natan.

Gedruk en Gepubliseer in Suid-Afrika in 2020

ISBN: 978-1-990931-15-4

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

Skrifaaanhalings is uit die Bybel 1983 vertaling, of waar dit anders aangedui word.

Alle regte word voorbehou. Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word op enige manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames of in enige vorm in 'n bewaring- en herwinningsstelsel met die uitdruklike vergunning van die skrywer nie.